

'n Mini-verhandeling

Dominees en die dood in enkele tekste van Karel Schoeman.

'n Ritueel-liturgiese verkenning

deur Casparus Johannes Wepener

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

April 2015

Studieleier: Prof. Henning J Pieterse

Bedankings

- Vir my studieleier prof. Henning Pieterse vir sy kundige leiding.
- Vir my mede-studente vir hulle sinvolle insette gedurende die werkswinkels.
- Vir my vrou, Clara, vir haar bereidheid om te luister na my idees en haar besonder goeie en kritiese lees van die kreatiewe manuskrip.
- Vir prof. Andries Visagie vir sy insette en sinvolle verwysings na bronne vir die mini-verhandeling.
- Vir dr. Mirella Klomp vir die nagaan van die hoofstuk in die kreatiewe manuskrip wat in Amsterdam afspeel.
- Vir me. Linda Raath vir haar hulp met die nagaan van historiese bronne by die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, asook me. Karen Minnaar by die NG Kerk Argief op Stellenbosch.

Verklaring

Ek verklaar dat die roman en mini-verhandeling wat ek hiermee vir die graad MA (Kreatiewe Skryfkuns) aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan hierdie of 'n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

Cas Wepener

Opsomming

Titel: Dominees en die dood in enkele tekste van Karel Schoeman. 'n Ritueel-liturgiese verkenning.

Student: Cas Wepener

Studieleier: Prof. Henning Pieterse

Graad: Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Die kernvraag wat in die mini-verhandeling verken word, is hoe dominees in hulle hantering van die dood in enkele kreatiewe werke van Karel Schoeman uitgebeeld word en baie spesifiek *hoe persone in die amp in die Protestantse tradisie (dominees en pastore) en hulle hantering van sterwensprosesse en -rituele in enkele werke van Karel Schoeman wat in Suid-Afrika afspeel uitgebeeld word*. Ten einde hierdie vraag te beantwoord is 'n keuse gemaak om na twee tekste te kyk, naamlik *'n Lug vol helder wolke* en ook *'n Ander land*. Daar is inderdaad ook ander tekste van Schoeman wat hierdie lesing sou kon dra, byvoorbeeld *Die uur van die engel*, maar die omvang van hierdie mini-verhandeling is egter van so 'n aard dat daar nie reg sou geskied aan so 'n besondere teks binne hierdie kort bestek nie. Vanuit 'n hermeneutiese invalshoek word gebruik gemaak van 'n sogenaamde sosiaal-wetenskaplike leesstrategie wat in hierdie ondersoek fokus op ritualiteit ten opsigte van die laaste oorgang, te wete die dood. Rituele kan as 'n lens beskou word ten opsigte van die onderliggende oortuiging van die deelnemers aan die rituele en gevolglik word die fokus veral geplaas op die oorgangsrituele wat ten opsigte van die dood ter sprake is, asook die gepaardgaande sterwensprosesse. Teoreties gesproke word daar veral aangesluit by bestaande werk vanuit die domein van die sogenaamde Ritual Studies, spesifiek ook werk wat handel oor oorgangsrituele. Hier word spesifiek 'n keuse uitgeoefen om nie net die werk van Arnold van Gennep en Victor Turner te gebruik nie, alhoewel hulle pionierswerk uiteraard as fondament dien, maar eerder ook werke van resente eksponente in die veld, naamlik Catherine Bell en Ronald Grimes te betrek. Die werk van Bell en Grimes word verder geaugmenteer met bestaande teorie rakende die sterwensproses en spesifiek dan ook die werk van Elizabeth Kübler-Ross. Hierdie teorie word metodologies toegepas op bogenoemde twee kreatiewe tekste deur middel van 'n sosiaal-wetenskaplike lesing wat fokus op ritualiteit by die laaste

oorgang in die lewensloop van die mens. Die mini-verhandeling sluit met enkele gevolgtrekkings en voorstelle vir verdere navorsing.

Sleutelterme

Afrikaanse letterkunde; Karel Schoeman; Oorgangsritueel / Rite de Passage; Ritueel; Liturgie; Dood; Liminaliteit; Sterwensproses; Predikante

Abstract

Title: Ministers and death in a few texts of Karel Schoeman. a Ritual-liturgical exploration

Student: Cas Wepener

Study leader: Prof. Henning Pieterse

Degree: Magister Artium (Creative Writing)

The main research question that is explored in the mini-dissertation is how ministers in their handling of death are portrayed in two creative texts of Karel Schoeman. Specifically the question is posed *how persons in the office of the minister in the Protestant tradition (reverends and pastors) and their handling of dying processes and –rituals in a few creative texts of Karel Schoeman are portrayed.* In order to answer this question a choice was made for two texts, namely *’n Lug vol helder wolke* as well *’n Ander land*. There are indeed other texts of Karel Schoeman that could have also been utilised, for example *Die uur van die engel*, but this mini-dissertation is however of such a limited scope that it would not have been possible to do justice to such a rich text. From a hermeneutical perspective a so-called social-scientific reading strategy was utilised with a special focus on rituality with regards to the last transition, namely death. Rituals can be seen as lenses with regard to underlying convictions and therefor the focus was placed on rites of passage with regards to death as well as the dying process. Theoretically speaking insights from the domain of the so-called Ritual Studies were utilised, specifically also work regarding rites of passage. A choice was deliberately made to not only use the work of Arnold van Gennep and Victor Turner, although their pioneering work functioned as a foundation, but rather more recent exponents within the domain of Ritual Studies and specifically the work of Catherine Bell and Ronald Grimes. This work of Bell and Grimes was augmented with existing insights regarding the dying process and specifically also the work of Elizabeth Kübler-Ross. The theory was methodologically applied to the two chosen texts by means of the mentioned social-scientific

reading with a special focus on rituality at the last transition in the life of a human, namely death. The mini-dissertation closes with some conclusions and suggestions for further research.

Key terms

Afrikaanse literature; Karel Schoeman; Transitional rites / Rite de Passage; Ritual; Liturgy; Death; Liminality; Dying process; Ministers

'n Mini-verhandeling

Dominees en die dood in enkele tekste van Karel Schoeman.

'n Ritueel-liturgiese verkenning

deur Casparus Johannes Wepener

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

April 2015

Studieleier: Prof. Henning J Pieterse

Inhoudsopgawe

1. Dominees en die dood in enkele tekste van Karel Schoeman. 'n Ritueel-liturgiese verkenning. Inleiding en literatuurstudie	157
1.1 Agtergrond	157
1.2 Navorsingsfokus, afbakening en vraagstelling	159
1.3 Metodologiese en teoretiese oorwegings	161
2. Teorie en metode	164
2.1 Die Sosiaal-wetenskaplike leesstrategie	164
2.2 Oorgansgrituele by die laaste oorgang	166
2.2.1 Catherine Bell	167
2.2.2 Ronald Grimes	169
2.3 'Ritual experts' en liturge	172
2.4 Die sterwensproses	175
2.4.1 Elizabeth Kübler-Ross	175
3. Dominees en die dood in twee kreatiewe tekste van Karel Schoeman	178
3.1 Die twee dominees en Meester in <i>'n Lug vol helder wolke</i>	178
3.2 Pastoor Scheffler in <i>'n Ander land</i>	190
4. Konklusie	205
5. Bibliografie	210

1. 'n Ritueel-liturgiese verkenning. Inleiding en literatuurstudie

1.1 Agtergrond

Met beide liturgie en pastoraat is Karel Schoeman as mens nie onbekend nie, intendeel. In sy outobiografie *Die laaste Afrikaanse boek* (Schoeman, 2002) bied hy insig in die tyd wat hy in kloosters in Ierland spandeer het, asook sy teologiese studies aan St. John Vianney Rooms Katolieke Seminarie in Waterkloof, Pretoria (NALN pamflet, 2007:1; sien ook Burger & Van Vuuren, 2002:14). Sy belewenisse in die kloosters in Ierland is ook deur hom in dagboekvorm gedokumenteer in *Berig uit die vreemde* en *Van 'n verre eiland* (Schoeman, 1966 & 1968). Afgesien van sy kennis betreffende die teologie, die liturgie (wat 'n uiters belangrike vak binne die Rooms Katolieke teologiese ensiklopedie is) en die amp van die priester (gegewe sy tyd wat hy in 'n seminarium deurgebring het), het Schoeman ook vir 'n tyd gewerk as versorger in 'n oord in Cavendish in Engeland (Schoeman, 2002:436-466). Vir die outeur van hierdie mini-verhandeling is hierdie outobiografiese gegewens geensins onbelangrike agtergrondinligting gegewe die spesifieke tema van die voorgestelde navorsing nie, te wete hoe dominees in hulle hantering van die dood in enkele kreatiewe werke van Schoeman uitgebeeld word.

In kort: as mens is Karel Schoeman bekend met die uitvoering van liturgie en Christelike rituele en nadenke daaroor, hy het insig in die amp en hy het gesien hoe siek mense versorg word en bes moontlik ook hoe mense sterf. By hierdie gegewens moet sy werk as historikus en insigte verkry vanuit historiese bronne nie onderskat word nie en sou 'n miskenning daarvan in hierdie ondersoek maklik as reduksionisties gesien kan word (vgl. o.a. Burger, 2002; Giliomee, 2002; Pechey, 2002). Desnieteenstaande en in die lig van die fokus van hierdie studie sal die klem meer op die voorafgaande aspekte betreffende die liturgie/ritualiteit, amp en pastoraat/versorging val, eerder as die historiese om sodoende die ondersoeksveld af te baken en 'n eie ondersoeksfokus daar te stel.

Beide ritualiteit en versorging met betrekking tot, vir die doeleindes van hierdie studie, doodgaan en die meegaande sterwensprosesse en -rituele, is net soos wat dit in sy eie lewe was ook nie onbekende temas in Schoeman se kreatiewe werk nie. Enkele voorbeelde uit sy kreatiewe oeuvre kan op eksemplariese wyse hierdie opmerking staaf. In die kortverhaal “Die park na die val van die blare” (Schoeman, 1996a) sterf Jode een vir een in Johannesburg en is daar sprake van die Kaddisj wat gebid word of nie gebid word nie. In *By Fakkellig* (Schoeman, 1966) sterf Liam en is daar inderdaad ook sprake van priesters wat betrokke is. Ook in sy roman *Hierdie lewe* (Schoeman, 1993) wat met die Hertzogprys bekroon is, kom die hoofkarakter te sterwe en dieselfde gebeur in *Verkenning* (Schoeman, 1996b). Hierdie is maar enkele werke wat in verskillende tydperke in die lewe van Schoeman geskryf is wat die argument ondersteun.

Wanneer die noemer van die amp van die predikant, priester of pastoor ook in kombinasie met ritualiteit en versorging gebruik word ten einde ’n seleksie van tekste te maak, is die aanbod aansienlik kleiner. En indien die geografiese noemer Suid-Afrika ook ingebring word asook die amp in die Protestantse tradisie, dan word die ondersoeksveld en tekste wat ondersoek kan word verder ingeperk. Hierdie studie wil juis die fokus laat val op die amp in die Protestantse tradisie in Suid-Afrika en nie op byvoorbeeld Rooms Katolieke priesters in Ierland nie. Predikante as karakters kom ook gereedlik voor in die werk van Schoeman en die vraag hoe hy dominees uitbeeld is nog nie verken nie. Betreffende laasgenoemde is daar bemoontlik nog ’n navorsingsleemte wat ondersoek kan word en is die publikasie *Die vrou wat alleen bly* in 2014 ’n uitstekende bron vir daardie doeleindes. Die vraag na die uitbeelding van dominees in die werk van Karel Schoeman kan egter ’n omvangryke studie wees wat nie binne die bestek van ’n mini-verhandeling hanteer kan word nie. In byvoorbeeld die roman *Verkenning* (1996b) kom ’n predikant voor as ’n karakter en in heelparty van sy historiese boeke word dominees ook beskryf en daarom is dit nodig dat die ondersoeksveld vir hierdie mini-verhandeling sekuur afgebaken word binne die groter hiaat. Die primêre navorsingsvraag wat ondersoek word, is: *hoe word persone in die amp in die Protestantse tradisie (dominees en pastore) en hulle hantering van sterwensprosesse en -rituele in enkele werke van Karel Schoeman wat in Suid-Afrika afspeel, uitgebeeld?* In wat volg, sal hierdie primêre vraagstelling verder gefokus word deur onder andere die keuse van spesifieke werke uit Schoeman se oeuvre en daarna sal metodologiese en teoretiese oorwegings voorlopig in kaart gebring word.

1.2 Navorsingsfokus, afbakening en vraagstelling

Ten einde die ondersoeksarea vir hierdie mini-verhandeling af te baken, word soos reeds genoem enkele noemers gebruik en spesifiek ook in kombinasie, naamlik Protestantse leraars in kombinasie met sterwensprosesse en gepaardgaande rituele, asook die geografiese noemer van Suid-Afrika. Hierdie kombinasie help om die fokus op drie werke van Schoeman te laat val, te wete *’n Lug vol helder wolke* (1967), *’n Ander land* (1984) en *Die uur van die engel* (1995). Die feit dat al drie hierdie werke grotendeels in die Vrystaat afspeel was nie deel van die kriterium wat gebruik was in die keuse nie, maar help desnieteenstaande om die ondersoeksveld nog verder te fokus. Jooste (1999:546;547-548) onderskei tussen drie fases in Schoeman se oeuvre waarvolgens *’n Lug vol helder wolke* tot sy vroeë fase behoort, *’n Ander land* tot ’n middelfase en *Die uur van die engel* tot ’n latere fase.¹ Gegewe die voorgeskrewe omvang van hierdie mini-verhandeling sal dit nie moontlik wees om aan al drie hierdie kreatiewe werke in hierdie ondersoek aandag te gee nie, en daarom sal daar slegs op *’n Lug vol helder wolke* en *’n Ander land* gefokus word. *Die uur van die engel* leen sigself ook uitstekend vir die doeleindes van hierdie studie, maar ’n behandeling van daardie spesifieke roman in die lig van hierdie gekose probleemstelling behoort eintlik ’n studie op sy eie te wees.²

Aan albei hierdie gekose tekste is al uitvoerig aandag gegee in akademiese werk (vgl. o.a. Coetzee, 2002; Crous, 2010; Grobbelaar & Roos, 1993; Kannemeyer, 1998; Klopper, 1999; Malan, 1982; Renders, 2002; Viljoen, 2002)³ alhoewel die spesifieke terrein wat hierdie studie beoog om te verken nog nie eksplisiet aandag gekry het nie. Volgens Van Vuuren

¹ Jooste se indeling met betrekking tot *’n Ander land* is effens onduidelik, aangesien hy die spesifieke roman eers klassifiseer as behorende tot die middelfase, maar dan twee bladsye later wil dit voorkom asof dit eerder behoort tot sy latere romans. Hierdie is egter nie ’n probleem nie, aangesien sulke indelings altyd enigszins kunsmatig is. *’n Ander land* sou goedsikks hier as ’n soort grensgeval beskou kon word tussen ’n middel- en latere fase. Van Vuuren (2006:5-6) beskou *’n Ander land* duidelik as behorende tot ’n fase ná sy meer realistiese vroegste werke en die meer apokaliptiese werke van die sewentigerjare.

² Die outeur van hierdie mini-verhandeling hoop dat hy in die nabye toekoms hierdie studie sal kan augmented deur ook verdere tekste aan die hand van hierdie vraag en metode te ondersoek en spesifiek ook *Die uur van die engel*. Op hierdie vroeë stadium kan alreeds opgemerk word dat nie alleen ds. Heyns in daardie roman as dominee wat die dood hanteer en self ook sterf behandel moet word nie, maar by uitstek ook Danie Steenkamp self wat as ’n soort Christus-figuur beide liturgies en pastoraal optree en wie se eie dood op verskeie wyses aandag geniet in die werk.

³ Vergelyk in hierdie verband ook die ruim hoeveelheid resensies wat oor hierdie twee gekose werke geskryf is asook akademiese Meesters- en Doktorale verhandelinge (cf. Burger & Van Vuuren, 2002: 354-377).

(2002:61) het die spirituele onderbou van Schoeman se werk nog weinig of geen aandag gekry nie en bestaan daar volgens haar 'n hiaat in hierdie verband. Hierdie ondersoek is nie 'n eksplisiet spirituele of psigologiese studie nie, alhoewel ritualiteit onlosmaaklik verbonde is aan die spirituele en daardie leemte wat Van Vuuren aantoon dus wel indirek in hierdie ondersoek aangesny word. Volgens Jooste (1999:549) is 'n kernsaak in Schoeman se oeuvre die dood.

Die fokus van hierdie studie sal dus op rituele en gepaardgaande prosesse wees soos gekoppel aan dominees. Rituele (inklusief liturgie) kan as 'n lens beskou word ten opsigte van die onderliggende oortuiging. In die Liturgiewetenskap is daar 'n ou spreuk wat lui *lex orandi lex credendi* wat letterlik vertaal kan word as “wet gebed wet geloof” (cf. De Clerck, 1994; Mulders, 1964 & Small, 2003). Daar is 'n voordurende dinamiese interaksie tussen die wyse van bid “*orandi*” (die uitvoering van die ritueel en die liturgie) en die geloof “*credendi*” (die oortuiging of teologiese inhoud). Hoe 'n ritueel uitgevoer word, vertel baie van die teologiese inhoud van die ritueel en insgelyks ook van die oortuigings en dus identiteit van die persoon of persone wat die ritueel uitvoer. As sodanig kan hierdie beginsel as 'n handige heuristiese instrument gesien word in hierdie studie en anders en spesifiek in meer kultureel-antropologiese terminologie geformuleer gaan dit oor die dinamiese relasie tussen die mite en die rite (cf. Bell, 1997:5-7).

Toegepas op hierdie studie kan gesê word dat 'n rituele invalshoek geneem word om lig te werp op die identiteit van die dominees soos uitgebeeld deur Schoeman. Die wyse waarop die dominees die rituele uitvoer of daaraan deelneem is dus veelseggend met betrekking tot hulle eie oortuigings. Die dominee- en pastoor-karakters in die gekose werke sal verken word, maar juis en spesifiek in kombinasie met hulle hantering van rituele, spesifiek dan ook rituele en prosesse wat te make het met die sterwensproses en die dood. Hierdie benadering het uiteraard 'n impak op die vraagstelling en metodologie van hierdie studie, inklusief die leesstrategie.

Voorafgaande opmerkings en afbakening bring ons weer by die kernvraagstelling van hierdie studie, naamlik *hoe word persone in die amp in die Protestantse tradisie (dominees en*

pastore) en hulle hantering van sterwensprosesse en -rituele in die gekose werke van Karel Schoeman uitgebeeld? Hierdie spesifieke vraagstelling het heelwat metodologiese implikasies: Eerstens moet daar geïdentifiseer word in watter kreatiewe tekste in Schoeman se oeuvre dominees wat sterwensprosesse en -rituele hanteer of in verband daarmee staan, voorkom. Tweedens moet die rituele en prosesse wat voorkom en die wyse waarop die predikante dit hanteer of nie hanteer nie beskryf word. Ten einde hierdie vraag te probeer beantwoord, is daar enkele metodologiese en teoretiese keuses wat gemaak moet word en wat vervolgens behandel word.

1.3 Metodologiese en teoretiese oorwegings

Metodologies gesproke is hierdie ondersoek 'n letterkundige ondersoek. In die kern van die navorsing is 'n verkenning van werke uit Schoeman se kreatiewe oeuvre met besondere fokus op die dood. Daarnaas is akademiese werk soos die van byvoorbeeld Willie Burger (2010) oor grafstene in 'n werk van Schoeman en Luc Renders (2002) oor die dood in 'n *Ander land* ook benut om lig te werp op die tema. 'n Interessante bykomende bron in hierdie verband is Schoeman se eie beskouinge oor die dood in sy eie werk (Olivier, 2002). Hierdie verkenning kom alreeds in die inleiding aan bod en dien hoofsaaklik om die spesifieke navorsingsleemte wat geïdentifiseer is, aan te toon. Die boek *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Burger & Van Vuuren reds, 2002) is 'n besonder handige bron met betrekking tot die oeuvre van Schoeman en word ook ruimskots in hierdie ondersoek gebruik.

Tweedens kom 'n verkenning en seleksie van kreatiewe tekste van Schoeman self waarin dominees in verband gebring word met sterwensprosesse en -rituele aan die bod. Hierdie deel kan as die kern van die studie gesien word deurdat die gekose boeke self hier aan bod sal kom in die lig van die geformuleerde ondersoeksvraag. Die navorser het hoofsaaklik van 'n sosiaal-wetenskaplike leesstrategie gebruik gemaak (vgl. o.a. Malina & Rohrbaugh, 1992 & 1998; McVann, 1991; Neyrey, 1991; Robbins, 1996). Epistemologies gesproke sluit so 'n leesstrategie aan by 'n postmoderne hermeneutiese benadering waarin beide die sogenaamde wêreld agter die teks en die wêreld binne die teks in gesprek gebring word met die wêreld voor die teks ten einde tot interpretasie te kom. Wat besonders is van 'n sosiaal-wetenskaplike

benadering en wat juis goed pas binne die opset van hierdie studie, is die inbring van insigte vanuit die sosiale wetenskappe soos Sosiologie en in die besonder hier ook Kulturele Antropologie ten einde hierdie verskillende wêrelde van die gekose tekste te belig. Só 'n leesstrategie en hermeneutiese benadering vra juis ook vir multi-dissiplinêre alliansies en gegewe hierdie studie in die besonder vaktradisies wat vertrou is met die bestudering van rituele en sterwensprosesse.

Die bestudering van die gekose boeke van Schoeman word voorafgegaan deur 'n meer teoretiese hoofstuk wat bestaan uit 'n verkenning van werke vanuit die Ritual Studies⁴ en Kulturele Antropologie wat handel oor oorgangsrituele rondom die dood (vgl. o.a. Bell, 1997; De Visscher, 1996; Grimes, 2000; Turner, 1969; Van Gennep, 1960[1913]) gevolg deur werke vanuit die Ritual Studies en Kulturele Antropologie wat handel oor sogenaamde 'ritual experts' of 'ritual elders' (tradisionele genesers, diviniseerders, liturge, dominees en pastore) en hul rol afgestem op die hantering van die dood. Hier val die klem veral ook op hierdie rol binne die Gereformeerde en breër Protestantse tradisie aangesien die meeste van die 'dominees' wat in hierdie mini-verhandeling behandel word inderdaad binne daardie tradisie staan. In 'n volgende korter afdeling word daar in hierdie hoofstuk gekyk na werke vanuit die Sielkunde en/of Pastoraat oor die sterwensproses of sterwensprosesse (o.a. Kübler-Ross, 1969). Al die verskillende literatuurstudies word op 'n multidissiplinêre wyse met mekaar in verband gebring om sodoende saam lig te werp op die sentrale vraagstelling van hierdie mini-verhandeling.

Dit is belangrik om in hierdie stadium enkele opmerkings aangaande die identiteit van die navorser van hierdie studie te maak. Hy is 'n man wat self opgelei is as teoloog en bevestig is as 'n predikant. Hy het ook vir 'n aantal jare in die gemeentebediening gestaan en as sodanig eerstehandse kennis opgedoen van beide sterwensprosesse asook gepaardgaande rituele en voorgaan daarin. Verder is hy tans 'n dosent wat spesialiseer in Liturgiewetenskap. Geen studie binne die sosiale wetenskappe kan die ideaal van objektiwiteit voorgee nie en bly altyd

⁴ Die Engelse naam Ritual Studies sal hier gebruik word eerder as 'n Afrikaanse vertaling daarvan soos dit ook in byvoorbeeld akademiese kringe in Nederland gedoen word. Sien in hierdie verband byvoorbeeld Post (2006) se artikel "Na de lange jaren zestig. Liturgiewetenschap en Ritual Studies: opkomst, typering en actuele uitwerking van een relatie", asook Van Tongeren (2006) se "Een gemeenschappelijke oriëntatie. Over de *Ritual Studies* en ontwikkelingen binne het liturgiehistorisch onderzoek."

subjektief (vgl. Babbie & Mouton, 2001:10-13). In die lig daarvan is hierdie enkele biografiese opmerkings aangaande die navorser belangrik ten einde sy subjektiewe betrokkenheid en verhouding tot die bepaalde ondersoeksveld op die tafel te plaas.

2. Teorie en metode

In hierdie navorsing word twee boeke gelees, maar wel deur die lense van 'n baie spesifieke bril. Die aard van hierdie lense waardeur die tekste benader word, is die onderwerp van hierdie hoofstuk. Eerstens sal die sosiaal-wetenskaplike leesstrategie as sodanig behandel word. 'n Sosiaal-wetenskaplike benadering maak by uitstek ook gebruik van sosiaal-wetenskaplike dissiplines se insigte, byvoorbeeld die Sosiologie en Sosiale en Kulturele Antropologie. Dit is dan juis ook hierdie dissiplines se insigte met betrekking tot rituele wat vervolgens aan bod kom. Ten slotte word een ondersoeker se insigte met betrekking tot die sterwensproses ook in kaart gebruik. Gesamentlik sal hierdie insigte in die volgende hoofstuk benut word om die twee gekose werke mee te lees.

2.1 Die Sosiaal-wetenskaplike leesstrategie

Die wêreld van die laat negentiende- en vroeg twintigste-eeuse Vrystaat doen sig vreemd voor aan die moderne leser. Die waardes, sosiale strukture en konvensies (vgl. Neyrey, 1991:ix; sien ook Malina & Rohrbaugh, 1998&2003) van daardie samelewing is integraal tot die verstaan van die mense en hul konteks wat uitgebeeld word as behorende tot daardie samelewing. Wanneer tekste gelees word, werk die leser onvermydelik alreeds met 'n bepaalde model van hoe die wêreld werk (cf. Neyrey, 1991:xi). In veral 'n *Ander land* is dit duidelik dat Schoeman sy kennis aangaande die Suid-Afrikaanse geskiedenis ruimskoots benut het met die skryf van die roman en op 'n ingeligte en nougesette wyse die kultuur van die Vrystaatse samelewing (op enkele uitsonderings na hoofsaaklik die leefwêreld van Blankes) in die tekste uitbeeld. Alhoewel van die gebeure in die twee werke onder bespreking minder as 'n honderd jaar gelede afspeel, het heelwat van die kulturele aspekte intussen sodanig verander dat dit inderdaad nodig is om deur middel van 'n sosiaal-wetenskaplike leesstrategie aspekte van daardie samelewing oop te dek.

Een van die kenmerke van 'n samelewing wat dikwels in sosiaal-wetenskaplike interpretasie aandag geniet, is rituele. Tipies van 'n sosiaal-wetenskaplike lees en anders as 'n bloot histories-kritiese lees wat veral in spesifieke gebeure en veranderende patrone belangstel (wat ook as 'n interessante benadering kon dien in hierdie studie gegewe Schoeman se erns met en gebruikmaking van die geskiedenis), is 'n fokus op die tipiese, herhaalde patrone van sosiale

interaksie van 'n groep mense in 'n spesifieke plek en tyd (Neyrey, 1991:xii-xiii). Die tyd waarna gekyk word in hierdie studie, is die tweede helfte van die negentiende en begin van die twintigste eeu en die geografiese plek is die Vrystaat. Die tipiese en herhaalde patrone waarna gekyk word en wat insig verleen in die wêreldbeeld van daardie tyd, is rituele en prosesse wat in verband met die dood staan en spesifiek ook predikante en ander liturge se betrokkenheid in hierdie rituele en prosesse.

Robbins onderskei in sy boek *Exploring the texture of texts* drie sogenaamde teksture in 'n gegewe teks en gebruik die beeld van 'n "thickly textured tapestry" om die kompleksiteit van die samehang van hierdie teksture wat tegelykertyd in een betrokke teks teenwoordig is te beskryf (Robbins, 1996:2-3; asook Wepener, 2009:82-96). Robbins se drie teksture is eerstens 'n inner-tekstuur (die taal: woorde, patrone, stemme ens.), tweedens 'n inter-tekstuur (verskynsels buite die teks: objekte, tekste, historiese gebeure, rolle ens.) en derdens die sosiale en kulturele tekstuur (die sosiale en kulturele plasing van die taal en kulturele wêreld wat die taal oproep). Hierdie onderskeidings van Robbins is belangrik om in ag te neem en 'n sensitiwiteit te kweek ten opsigte van die kompleksiteit van teksture wat tegelykertyd aanwesig is in een teks.

Schoeman se werk leen sigself uitstekend vir so 'n leesstrategie. So is die inner-tekstuur van sy taalgebruik kompleks en selfs ietwat argaïes en Nederlandisties in vergelyking met hedendaagse Afrikaans, alhoewel hierdie element juis help om 'n sekere atmosfeer te skep wat Gouws (1993) al met spesifieke verwysing na *Hierdie lewe* as "die tekstuur van stilte" getipeer het. Die inter-tekstuur word ook meesterlik geweef en deur gebruikmaking van sy historiese kennis en navorsing en juis die feit dat 'n roman soos 'n *Ander land* voorafgegaan is deur sy navorsing oor Bloemfontein (1980)⁵. Van besondere belang vir hierdie studie is die sosiale en kulturele tekstuur en spesifiek dan juis ook rituele en prosesse wat in verband met die dood staan, asook die persone wat hierdie rituele en prosesse 'hanteer', te wete in hierdie geval meestal predikante. Vervolgens word eerstens aandag geskenk aan oorgangsrituele as verskynsel en daarna aan rituele kenners.

⁵ Op 'n soortgelyke wyse kan *Die wêreld van die digter* (Schoeman, 1986) gesien word as 'n werk wat *Hierdie lewe* (Schoeman, 1993) voorafgegaan het en het Schoeman se navorsing oor die Griekwas ook beslag kry in *Die uur van die engel*.

2.2 Oorgansgrituele by die laaste oorgang

Wanneer oorgansgrituele en die werk van eksponente soos Arnold van Gennep en Victor Turner behandel word in 'n studie soos hierdie is die doel gewoonlik om by die begrip liminaliteit uit te kom en dit dan diensbaar te maak vir die betrokke navorsing. So belangrik en handig as wat liminaliteit ook as heuristiese konsep is, is dit nie die uitsluitlike oogmerk hier nie, maar eerder 'n beter verstaan van die konsep oorgansritueel as sodanig, die veronderstelde fases waaruit oorgansrituele bestaan en dan ook spesifiek afgestem op oorgansrituele by die laaste oorgang in die lewensloop van die mense, die dood. Met die oog hierop word 'n doelbewuste keuse gemaak om nie die werk van Arnold van Gennep (1960 [1913]) en Victor Turner (sien o.a. Turner, 1969) te behandel nie, maar spesifiek die meer resente werk van Catherine Bell (1997) en Roland Grimes (2000), aangesien beide voortbou op die werk van Van Gennep en Turner, nie onkrities staan teenoor Van Gennep en Turner se bydraes nie en inderdaad spesiale aandag geskenk het aan oorgansrituele rondom die dood. Die begrip oorgansritueel is as sodanig ook nie onproblematis nie.

Die klassifikasie van rituele in tipologieë is geensins eenvoudig en sonder probleme nie (vgl. Grimes, 2014:185-210). So wys Bell (1997:93) tereg daarop dat bepaalde klassifikasies dikwels ontwikkel is om onderliggende teorieë te dien. Klassifikasies wissel dan ook dikwels vanaf 'n eenvoudige tweedeling by Durkheim gebaseer op sy onderskeid tussen die heilige en profane as twee aparte kategorieë van menslike ervaring tot en met Grimes se meer resente en veel kompleksere sestien kategorieë (Bell, 1997:93-94). Vanuit 'n oorsig oor bestaande teorieë en tipologieë kom Bell (1997:94) tot haar eie indeling wat sy 'n "pragmatic compromise between completeness and simplicity" noem en wat bestaan uit "rites of passage", "calendrical rites", "rites of exchange and communion", "rites of affliction", "feasting, fasting and festivals" en ook "political rites" (cf. Bell, 1997:94-137), maar wat 'n indeling is waarteenoor Grimes (2014:199) in sy mees resente boek op sy beurt weer krities staan.

In hierdie studie word, met in agneming van die verskeidenheid van moontlikhede, Bell nagevolg en met spesiale klem op haar eerste kategorie, te wete die van oorgansrituele en na haar werk word die bydrae van Ronald Grimes ook behandel. Die liturgiewetenskaplike

Gerard Lukken, onderskei nog verdere oorgange waarby oorgangsrituele betrokke is, soos byvoorbeeld die eerste liefde, verlowing, bevestiging in die amp, om 'n groot reis te onderneem en verskeie rituele rondom ouderdom en afskeid (cf. Lukken, 1999:82). Hierdie rituele waarna hy verwys is siklies van aard deurdat dit meermale uitgevoer kan word in 'n gemeenskap, maar hulle is tog ten opsigte van 'n bepaalde individu wel eenmalig. Dit is belangrik om hierdie onderskeid in die oog te hou, naamlik dat vir die somtotaal van die karakters in 'n sekere roman die oorgangsritueel herhaalbaar moet wees, byvoorbeeld die begrafnis, maar vir die individu, in hierdie geval die oorledene, is die ritueel nie herhaalbaar nie en sodoende is die gemeenskap en individu se betrokkenheid in 'n oorgangsritueel bepaald verskillend (cf. Lukken, 1999:84).

2.2.1 Catherine Bell

Bell (1997:94) koppel oorgangsrituele aan die groot gebeure in die lewensloop van die mens, soos geboorte, volwassewording, huwelik en die dood. Oorgangsrituele dramatiseer op 'n kulturele wyse oorgange in 'n mens se lewe vanaf een sosiale fase na 'n ander en merk sodoende op simboliese wyse daardie oorgang. Van besondere belang vir hierdie ondersoek is Bell se insig dat oorgangsrituele beide biologiese en sosio-kulturele oorgange merk en dat daar in hierdie soort rituele 'n spanning tussen die biologiese en kulturele is.⁶ Bell (1997:94) gee die voorbeeld naamlik dat dit een saak is om biologies gebore te word, maar 'n ander om geïdentifiseer en sosiaal aanvaarbaar gemaak en geïntegreer te word as behorende tot 'n bepaalde groep. Vir hierdie studie is dit van kritiese belang om in te sien hoedat doodgaan 'n fisiese realiteit is vir sekere karakters, maar dat dit hand aan hand gaan met sosio-kulturele elemente soos gedramatiseer in die rituele wat in verband met hierdie fisiologiese realiteit staan.

Hierdie insig is ten dele alreeds teenwoordig in Van Gennep (1996:529) se basiese driedeling van alle oorgangsrituele (en vir Van Gennep is alle rituele oorgangsrituele) van skeiding, *limen* (Latyn vir drumpel) en herintegrasie. Bekende voorbeelde in hierdie verband in Suid-Afrika is byvoorbeeld Xhosa inisiasierituele waartydens die seuns eerstens verwyder word uit

⁶ Hier kan tereg ook gedink word aan die werk van die Britse antropoloog Mary Douglas en spesifiek ook 'n boek getiteld *Natural Symbols* (1970) waarvan die titel alreeds die gelyktydige aanwesigheid van beide die natuurlike en kulturele suggereer.

die sosiale groep, daarna vir 'n tyd as *amaKweta* in die veld woon wat 'n klassieke voorbeeld van 'n fase van liminaliteit en die gepaardgaande *communitas* is en dan die uiteindelijke besnydenis en herintegrasie in die groep, maar dan met 'n nuwe identiteit, te wete dat die seuns wat weggegaan het teruggekom het as mans met nuwe rolle en verantwoordelikhede (vgl. Wepener, 2015:31-32). In hierdie voorbeeld is die kombinasie van die biologiese en sosiologiese/kulturele duidelik aantoonbaar. Soos wat hierdie oorgangsrituele aantoonbaar is in sekere kultuurkontekste, so is dit ook in die kerklike lewe aantoonbaar en tereg 'n aparte studieveld. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die werk van Boeve et al (2003) getiteld *Levensrituelen en sacramentaliteit. Tussen continuïteit en discontinuïteit* en Catherine Bell (1997:98) verwys ook na dergelike voorbeelde en dat sommige van hierdie rituele herhaaldelik uitgevoer word in 'n persoon se lewe, terwyl ander slegs eenmalig uitgevoer word.

Een aspek van oorgangsrituele wat al uitvoerig aandag gekry het, is die aspek van liminaliteit, die sogenaamde tussen-in of drumpel-fase wat ook 'n kreatiewe fase kan wees en waartydens diegene wat daarin verkeer nuwe rolle aanleer. Bell (1997:102) wys op die belang van die reis of pelgrimstog as 'n fase van liminaliteit. Hierdie insig sou baie vrugbaar gebruik kon word ten opsigte van die gekose werke wat in hierdie mini-verhandeling behandel word aangesien 'n karakter soos byvoorbeeld Versluis in 'n *Ander land* asook en by uitstek Alida in 'n *Lug vol helder wolke* hulle afsonderlik en elk op hul eie idiosinkratiese wyses in so 'n liminale ruimte bevind. Om na liminaliteit in die gekose werke te kyk, is egter 'n studie op sy eie en nie die fokus van hierdie studie nie. Die fokus hier is meer spesifiek op die rituele en prosesse wat in verband met die dood staan in die betrokke werke en hiervoor is Bell se insig dat die biologiese en sosio-kulturele oorvleuel van besondere belang en sal dit vrugbaar aangewend kan word in die interpretasie van die twee tekste.

'n Laaste bykomende opmerking tot die insigte van Catherine Bell alvorens oorgegaan word na die werk van Ronald Grimes, kom uit die pen van Gerard Lukken. Met verwysing na Van Gennep se drie-ledige indeling wys Lukken daarop hoedat afhangende van die aard van die oorgang één van die drie fases 'n groter aksent kan kry, byvoorbeeld afskeid in die sterwensritueel, integrasie in die huweliksritueel of die tussen-in (liminaliteit) stadium in byvoorbeeld verlowing (cf. Lukken, 1999:82). Vervolgens sal die werk van die Ritual Studies

kenner Ronald Grimes behandel word en ook aangetoon word hoe hy die drie-ledige struktuur kritiseer.

2.2.2 Ronald Grimes

Grimes (2000) onderneem in *Deeply into the bone. Re-inventing rites of passage* 'n vergelykende studie met betrekking oorgangsrituele enverleen 'n eerste aanset tot wat hy noem die noodsaak dat diesulke rituele her-uitgevind moet word vir 'n hedendaagse konteks. Self is Grimes 'n Kanadees en sy leserspubliek is merendeels Noord-Amerikaans, maar sy data kom van regoor die wêreld en is dus 'n totaal ander insteek as byvoorbeeld Victor Turner wat sy konklusies grootliks op sy werk onder die Ndembus in Zambië gebaseer het of Van Gennep wie se veldwerkdata uitsluitlik gedokumenteerde manlike inisiasierituele behels het. Hierdie benadering van hom plaas Grimes onder andere in die posisie om bestaande en redelik wyd aanvaarde teorieë rakende oorgangsrituele op grond van 'n veel groter databasis te kritiseer, soos byvoorbeeld die drie-slag fases soos dit ontdek is deur Van Gennep en verder verfyn is deur Turner. Eerstens is hy baie krities oor die feit dat Van Gennep manlike inisiasierituele as die prototipe oorgangsritueel en dus algemeen geldende model vir alle ander oorgangsrituele beskou (cf. Grimes, 2000:105). Volgens hom het Van Gennep en ook iemand soos die mitoloog Joseph Campbell en sy patroon ten opsigte van die mite van die held wat weggaan, geïnisieer word en terugkeer, veel eerder hulle modelle self uitgevind as ontdek in die data wat hulle bestudeer het en is hierdie uitvindings van hulle mettertyd voorgeskryf as formules ten opsigte van hoe hierdie rituele en mites daar behoort uit te sien (cf. Grimes, 2000:105).

Grimes (2000:107) is van mening dat net soos teorieë gebruik word om rituele te bevraagteken, kan rituele gebruik word om bestaande teorieë te bevraagteken en reflekteer die drie-slag formule 'n tipiese Westerse generiese narratief met 'n begin, middel en einde, 'n soort Hegeliaanse dialektiek met tese, antitese en sintese of gewoon net die leer van die Triniteit (sien ook Grimes, 2014:203). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is hierdie insigte van Grimes belangrik, aangesien dit sal behels dat veel breër gekyk moet word as slegs 'n oorgang of oorgangsritueel wat hierdie tipiese drie fases vertoon en kan daar

potensieel heelwat belangrike aspekte misgekyk word indien toegelaat word dat hierdie gekykte model as die enigste norm dien vir wat ondersoek word.

Ten opsigte van die dood maak Grimes (2000:219-220) 'n lys van motiewe en gepaardgaande aksies wat handig kan wees in hierdie studie ten opsigte van 'n soort inventarisasie van dodertes wanneer na die tekste van Schoeman gegaan word. Die lys van Grimes is redelik lank en daarom word hier slegs die motiewe vir deelname in dodertes en enkele voorbeelde wat genoem word uitgesonder. Die voorbeelde word dan juis ook gekies met die oog op relevansie vir die betrokke kreatiewe tekste (Grimes, 2000:219-220).

antisipering van die dood

segregasie, onderhouding van taboes

rou

markering van die einde van die rou tyd

beskerming van oorlewendes van die dood

publisering of aankondiging van die dood

saamkom, troos

wys van dankbaarheid, respek, of simpatie

demonstrering van 'kinship' of status en die versekering van opvolging

dramatisering van die dood se finaliteit

handhawing van of herstel van die sosiale orde na die dood

ontkenning van die dood se finaliteit

loslating van, integrering, omhelsing van die dood se finaliteit

kommemorering

2.2.3 Die ritualisering van die dood

Vir die moderne leser is dit moeilik of dalk selfs haas onmoontlik om sigself die negentiende eeuse doderituele op die Vrystaatse platteland voor te stel. Alleen maar die hedendaagse verskil tussen die uitvoering van 'n begrafnisritueel in 'n stad in Suid-Afrika met al die druk verkeer waarin 'n lang stadige begrafnisstoet wat verkeer bykans tot stilstand dwing, verbygangers uit respek gaan staan en winkeliers vir 'n oomblik hulle besighede se deure toemaak (soos dit steeds in groot dele van die Suid-Afrikaanse platteland voorkom) is al 'n aanduiding dat ook met betrekking tot rituele die verlede 'n ander land is. Die begrafnisritueel is dan ook maar slegs een aspek en die rituele en simboliese handeling wat in verband met die afsterwe van 'n persoon en die sogenaamde routydkerk staan en is in groot dele van die Suid-Afrika van 2015 totaal onbekend. So byvoorbeeld wys Lukken (1999:272) daarop hoe rituele rondom begrafnis en verassing in Nederland in die laaste klompie jare afgestem is op “uniformiteit, snelheid en effisientie” met die naasbestaendes en oorledenes wat sêlf 'n groot rol speel in die vormgewing van die rituele wat deesdae grootskaalse kreatiwiteit insluit. Daar is dus groot verskille ten opsigte van ritualisering rondom die dood tussen die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks en dié waarin die gekose tekste van Karel Schoeman afspeel. Hierdie verskille moet noukeurig in ag geneem word wanneer die tekste geanaliseer word. Grimes (2000:221-222) wys met betrekking tot die negentiende eeuse Westerse samelewing daarop hoedat die dood 'n familie en 'n publieke aangeleentheid was en dat uitlatings op die sterfbed as iets besonder beskou is en waarin daar die geleentheid was vir geestelike groei, maar ook hoe dit in skrilte kontras staan tot die hedendaagse Westerse samelewing wat die sogenaamde *ars moriendi* verloor het.

Benewens die historiese verskil en gepaardgaande diskontinuiteit tussen die rituele van destyds en nou, moet die breë spektrum van rituele rondom die dood ook in kaart gebring word. Aansluitend tot die amptelike aanbod van die kerk in byvoorbeeld die begrafnisliturgie asook die algemeen aanvaarde rituele in die samelewing soos die dra van rouklere, is daar ook kleiner en minder opvallende simboliese handeling wat ook in ag geneem moet word. 'n Bekende voorbeeld is die rol wat foto's⁷ speel na die afsterwe van 'n geliefde (cf. Wepener, 2014:174-184), die keuse ten opsigte van en onthulling van 'n grafsteen en selfs die

⁷ Sien in hierdie verband ook die foto wat Karel Schoeman (1996c:107) opgeneem het in sy boek *The Face of a Country* van 'n jong vrou in haar doodskis met haar man wat bystaan terwyl hy hulle baba vashou en sy onderskrif wat lui: “Leah Brown photographed in her open coffin with her husband and baby behind her and other mourners in the background. According to the plate on the coffin lid she had been born on 29 September 1872(?) and died on 27 June 1899.” In die ondersoeker se eie literêre debuut getiteld *Dubbelfoto* (Wepener, 2013) is post-mortem fotografie 'n belangrike tema.

publikasie van geskrifte van 'n persoon na sy/haar dood of selfs die vernietiging daarvan. Hierdie kleiner en soms minder opvallende handeling is belangrik in die gekose tekste en sal saam met die kern-rituele soos die begrafnis in kaart gebring moet word. Volgens Grimes (2000:222) moet onderskei word tussen 'n dodering en 'n begrafnis. 'n Begrafnis definieer hy as “only the most formal, liturgical portion of a postdeath rite” en dat doderinge “memorials, exhumations, reburials, and even predeath ceremonies” insluit (Grimes, 2000:222).

2.3 'Ritual experts' en liturje

In hierdie studie word gefokus op die uitbeelding van dominees en pastore. Die meeste van hierdie karakters in die gekose werke, met die uitsondering van Meester in *'n Lug vol helder wolke* en pastoor Scheffler in *'n Ander land*, is gelegitimeerde en geordende predikante wat behoort tot die Gereformeerde tradisie. Pastoor Scheffler is wel 'n gelegitimeerde en geordende predikant in die Lutherse Kerk wat beteken dat dit slegs Meester is wat nie as 'n Protestantse leraar getipeer kan word nie. Wanneer daar dus gekyk word na rituele rondom die dood en ook die hantering van hierdie rituele deur hierdie ampsdraers, is dit noodsaaklik dat die een en die ander oor die amp in die Gereformeerde en Protestantse tradisie gesê word, aangesien dit onvermydelik die wyse waarop daar in diesulke rituele voorgegaan word, sal beïnvloed. Ook wanneer iemand soos Meester 'n begrafnisdiens hanteer, is die formulier wat hy gebruik bes moontlik ook afkomstig uit die Gereformeerde tradisie en gebruik hy die Bybel vir sy boodskap, dus 'n soortgelyke optrede as die van 'n Protestantse leraar.

In die eerste plek is dit nodig om aan te toon dat 'n predikant binne die Gereformeerde tradisie bevestig word as *Verbi Divini Minister* oftewel Bedienaar van die Heilige Woord (cf. Wepener, 2004; asook Artikel 9 van die Kerkorde van die NG Kerk en die Formulier vir die bevestiging van Leraars). Dit beteken dat die uitleg en toepassing van die Bybel in verskillende bedieningskontekste soos liturgie, prediking, lering en pastoraat die primêre taak van die predikant is en wat onvermydelik die wyse waarop hy/sy in rituele voorgaan, sal beïnvloed (cf. Leith, 1990)⁸. Johannes Calvyn self het in sy Kerkorde in die omskrywing van die taak van die predikant die verkondiging van die Woord voorop gestel en daarnaas ook onderrig, bediening van die sakramente en ook verantwoordelikheid ten opsigte van opsig en

⁸ Leith (1990) som die klem op in die drieslag van “teaching, preaching and pastoral care”.

tug (cf. Calvyn 1541 in Reid 1984:58) wat Calvyn (1991:1317-1319) ook in sy *Institusie* Deel 4.3.1 herhaal met 'n besondere klem op Woordverkondiging en die bediening van die sakramente.

Verder is dit betekenisvol dat die amp van die predikant gesien moet word as 'n *ministerium*, 'n diens. Ten einde hierdie aspek te beklemtoon verwys Calvyn (1991:1318) na 'n predikant en die se diens met die volgende beeld: “wanneer 'n mensie uit die stof verrys en in God se Naam met ons praat...”, wat 'n kernaspek is ten opsigte van die amp van die predikant in die Gereformeerde tradisie. Hierdie oortuiging het deur die eeue die spiritualiteit (vroomheid) van dominees gestempel deurdat hier sprake is van 'n “dienende gesag” (Müller, 1988:24) en dat mag en oorheersing vreemd behoort te wees tot die amp. Hoe hierdie spesifieke Gereformeerde spiritualiteit gestalte vind, of juis nie, in die verskillende predikante en pastore in die gekose tekste en hoe dit ook die wyse waarop hulle voorgaan in liturgie en rituele beïnvloed, is betekenisvol vir hierdie studie aangesien daar juis 'n spanning bestaan tussen nederigheid en hoogmoed en tussen die verlening van diens en uitoefening van mag in die meeste van die karakters.

Gegewe die klem op die dominee as *Verbi Divini Minister* bestaan daar verdere implikasies wat in gedagte gehou moet word in hierdie studie.⁹ Die klem op die Woord en die ideaal van Johannes Calvyn dat predikante spesifiek aan universiteite en dus binne 'n akademiese milieu opgelei moet word, het deur die eeue ook ontwikkel tot 'n besonder sterk akademiese tradisie en ook nadruk op boeke, beide die Bybel en ander boeke. Hierdie klem is duidelik te sien in die gekose werke van Schoeman, maar vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit nodig om ook te vra op watter wyse hierdie klem die identiteit van die dominees en pastoor as liturge en predikers beïnvloed het? Hierdie vraag sal in gedagte gehou word wanneer die gekose kreatiewe tekste in die volgende hoofstuk bespreek word.

⁹ 'n Bron wat ook waardevol is in hierdie verband en op poëtiese wyse heelwat weergee ten opsigte van die dominee as liturg is I.L. de Villiers se debuutbundel *Leitourgos* (1972). Beide die eerste afdeling in die bundel oor die Liturgie asook die derde afdeling wat oor die dominee se pastorale rol handel, bied goeie insig, maar ook die laaste en tweedelaaste gedig in die bundel getiteld “Leitourgos (1)” en “Leitourgos (2)”. In die afdeling “Pastoraal” is daar dan ook spesifiek drie gedigte wat die tema van dominees en die dood aansny, te wete “Ou man wat hoes”, “Hoe zij stierven” en “By 'n sterwende kindjie” en in die vyfde afdeling getiteld “Ex Officio” 'n gedig getiteld “By die begrafnis van 'n onbekende” (De Villiers, 1972:27-29&56).

Oskamp (1998:417) wys daarop dat 'n voorganger in die liturgie verskeie aspekte tegelykertyd in ag moet neem, so byvoorbeeld dat die ruimte saam vier. Hier kan aan 'n verskeidenheid sake gedink word, maar toegepas op voorgaan in rituele ten opsigte van die dood beteken dit dat nie alleen die teks wat gekies en wat verbaal gekommunikeer moet word deur die voorganger in ag geneem moet word nie, maar die groter prentjie wat onder andere ook die emosies van die naasbestaendes in ag neem. Die voorganger in hierdie tipe rituele is iemand wat verskeie balle tegelykertyd in die lug moet hou, soos die teologiese oorwegings rakende die dood in die Christelike tradisie, 'n pastorale sensitiwiteit, 'n gebalanseerde herinnering en eerbied vir die oorledene asook verskeie estetiese aspekte soos die inkleding van die ruimte en die keuse van musiek. Soos 'n opera en 'n erediens is 'n begrafnisdiens ook 'n *Gesamtkunstwerk* (Wagner) en 'n groot deel van die 'sukses' van die uitvoering rus op die skouers van die voorganger wat dikwels dominees of pastore is. Saam met hierdie posisie kom daar egter ook mag, aangesien die voorganger in hierdie rol dan dikwels ook die laaste woord spreek oor die lewe van die oorledene.

Ook ten opsigte van predikante as voorgangers in doderituele is 'n opmerking rakende die verskil tussen die laat negentiende/ vroeg twintigste eeuse en hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing en hulle rol gerade. Grimes (2000:221) wys daarop hoedat die hantering van die dood in hedendaagse Noord-Amerika gereleger is tot professionele persone wat dit vir en aan die oorledenes en naasbestaande doen. Ook in Suid-Afrika vandag is hierdie waarneming van Grimes waar, oftewel grotendeels onder Blanke mense in die stad en ten dele in die platteland, naamlik dat professionele persone soos begrafnisondernemers en mediese dokters die dood namens die oorledene en die familie hanteer. Predikante speel steeds 'n belangrike rol in Suid-Afrika saam met hierdie professionele persone en is dit gekwalifiseerd anders as in groot dele van die Westerse wêreld waar die rol van die kerk en predikante sterk gekwyn het, laasgenoemde is alleen ten dele waar in Suid-Afrika. Grimes (2000:221) merk tereg op dat die dokters gewoonlik die sterfbed versaak ("abandon") en hierby kan gevoeg word dat die begrafnisondernemers gewoonlik eers na die afsterwe 'n rol speel ten opsigte van die hantering van die liggaam. In hierdie tussen-in ruimte tussen die dokter wat vertrek en die begrafnisondernemer wat arriveer, tref 'n mens heel dikwels persone in die amp, soos dominees en pastore, aan.

Die rol van predikante in die tyd waarin die gekose werke van Schoeman afspeel sou bes moontlik nog groter gewees het as in ons eie dag. Wat egter problematies is en verseker in ag geneem moet word in die analise van die tekste is die feit dat die meeste karakters wat sterf in die gekose verhale as buitelanders getipeer kan word wat die wyse waarop hulle te sterwe kom anders maak en bes moontlik ook uitsonderings maak in vergelyking met die tipiese sterfgevalle in hulle dag. Alleen persone in die amp wat self ook gekenmerk word deur 'n mate van buitelanderskap word (ten dele) ingelaat by die sterwensproses of anders word ander buitelanders ingelaat.

2.4 Die sterwensproses

Benewens oorgangsrituele in die algemeen en spesifiek ook rituele by die laaste oorgang in die lewensloop van die mens te same met diegene wat in sulke rituele voorgaan, verdien die anatomie van die sterwensproses as sodanig ook enige aandag. Al hierdie teoretiese kennis is nodig ten einde die sosiaal-wetenskaplike lense waardeur die tekste gelees sal word goed te slyp. Met betrekking tot die sterwensproses word kortliks na die baie bekende werk van Elizabeth Kübler-Ross gekyk.

2.4.1 Elizabeth Kübler-Ross

Die vyf (5) fases van die sterwensproses van Elisabeth Kübler-Ross (1969) het al wyd ingang gevind in nadenke oor die dood. Gerald Arbuckle (1991) gebruik byvoorbeeld haar insigte, maar herformuleer die vyf fases tot vier, naamlik, 1. Die gevoel van verdoving of selfs ontkenning dat die verlies gebeur het 2. 'n Mengsel van sterk gevoelens soos nostalgie, wanhoop en woede, en dan depressie 3. 'n Gevoel van drywing waarin gesoek word na waardevolle dinge in die verlede wat saamgeneem kan word na die toekoms, met die gevaar om verknog te bly aan die verlede en 'n weiering om die toekoms tegemoet te gaan 4. Die herstel of heropname waarin 'n losmaking met die verlede plaasvind en die beste van die verlede saam na die toekoms geneem word.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs na Kübler-Ross se werk gekyk word soos sy dit self in *On death and dying* (1969) aanbied. In resente werke (cf. Wepener, 2014 & 2015)

problematiseer die outeur van hierdie mini-verhandeling hierdie fase-model van haar aangesien dit as staties en potensieel voorskriftelik kan funksioneer asook dat dit dikwels ingelees word in die sterwensproses eerder as wat dit op 'n induktiewe wyse ontdek word. In hierdie studie word daar egter by hierdie fases gebly aangesien dit in die tyd waarin die werke wat in die volgende hoofstuk behandel gaan word steeds die geldende en aanvaarde model was en dus ook moontlik die teorie is wat die meeste skrywers, inklusief Karel Schoeman, bekend mee sou gewees het. Die oorspronklike bedoeling van hierdie skema was dan juis eerder deskriptief as preskriptief, maar soos Grimes (2000:228) tereg opmerk het hierdie skema ook die weg van die meeste ontwikkelingscenarios gegaan en “It has become a tool for prodding dying people along the correct path.” Die vyf fases van Kübler-Ross kan kortlik soos volg opgesom word:

Ontkenning: ontkenning of ten minste gedeeltelike ontkenning kom volgens Kübler-Ross (1969) by meeste pasiënte voor nadat hulle gediagnoseer is en gekonfronteer is met die diagnose. Sy sien dan ook hierdie ontkenning as 'n gesonde soort buffer van die pasiënt se kant af om die skok te kan hanteer, maar word dan ook spoedig vervang met gedeeltelike aanvaarding.

Woede: ongelukkig of dalk gelukkig sê Kübler-Ross kan die meeste pasiënte wat sterwend is nie die ontkenningsfase volhou nie. “When the first stage of denial cannot be maintained any longer it is replaced by feelings of anger, rage, envy, and resentment” (Kübler-Ross, 1991) en vir die familie en personeel betrokke by die sterfbed is dit 'n baie moeilike fase om te hanteer, veral omdat die woede somer willekeurig op omstanders geprojekteer word. Sy wys op die belangrikheid daarvan dat hierdie woede ook uitgedruk word en is van mening dat die verligting wat pasiënte daarna beleef, belangrik is sodat hulle kan aanbeweeg na aanvaarding in die laaste ure. 'n Voorbeeld van 'n pasiënt wat hierdie woede-fase akute beleef, is diegene wat baie in beheer van hulle lewe was en dan in die sterwensproses langamerhand beleef hoedat hulle beheer verloor.

Onderhandelingsfase: Kübler-Ross (1969) gebruik kinders wat hul sin wil kry as voorbeeld om die onderhandelingsfase te beskryf. Wanneer kinders iets van hulle ouers wil hê en die antwoord

is 'nee', is die kinders eers kwaad, maar kort daarna bedink hulle hulself en kom dan met nuwe taktiek wat gewoonlik 'n vorm van onderhandeling behels, soos dat hulle sal soet wees of die skottelgoed sal was. Hierdie onderhandelingsfase van sterwende mense is 'n poging tot uitstel en dikwels is daar ook sprake van geheime onderhandeling met God.

Depressie: Die belewenisse van skok en woede word volgens Kübler-Ross (1969) later vervang met 'n groot gevoel van verlies. Pasiënte beleef hier depressie oor byvoorbeeld verlies ten opsigte van hulle voorkoms of finansies as gevolg van hulle siektetoestand, maar ook as gevolg van die verlies wat op hande is en saamgaan het hul eie dood. Volgens haar is dit belangrik om pasiënte in hierdie fase nie te probeer opvrolik of die goue randjie van die donkerwolk te laat raaksien nie. In hierdie tyd is stilte belangrik en is die fase noodsaaklik sodat die pasiënt na die fase van aanvaarding kan beweeg.

Aanvaarding: Kübler-Ross is van mening dat indien 'n pasiënt genoeg tyd gehad het om deur die vorige fases te kon werk, hy of sy hierdie finale fase van aanvaarding kan bereik. 'n Belangrike opmerking wat sy maak is: "Acceptance should not be mistaken for a happy stage." Hierdie finale fase is eerder 'n stil tyd vir die pasiënt waarin daar dikwels net gevra word dat daar stil by hom of haar gesit word of om net sy/haar hand vas te hou en is dit 'n fase waartydens die familie eerder as die pasiënt self meer ondersteuning benodig.

2.5 Ten slotte

In hierdie hoofstuk is die oorkoepelende metodologiese en teoretiese raamwerk van hierdie mini-verhandeling kortliks verken. Die sosiaal-wetenskaplike leesstrategie as basiese metodologiese oorweging binne 'n hermeneutiese benadering het beteken dat sekere kernkonsepte in kaart gebring moes word. In hierdie verband is die konsep oorgangsritueel eerste bespreek asook die tema ritualisering rondom die dood. Daarna is die tema van rituele kenners verken en spesifiek ook die identiteit van die liturg in die Gereformeerde tradisie. Ten slotte is een eksponent se uiteensetting van die fases binne die sterwensproses bespreek. Met hierdie basiese benadering sal die een novelle en een roman van Karel Schoeman in die volgende hoofstuk gelees word.

3. Dominees en die dood in twee kreatiewe tekste van Karel Schoeman

In hierdie hoofstuk kom ons nou by die kern van hierdie studie. Met in agneming van die sosiaal-wetenskaplike leesstrategie as vertrekpunt sal een novelle en een roman van Karel Schoeman bespreek word. Die oogmerk is om aan te toon hoe Schoeman dominees en pastore (en ander liturge) in hulle hantering van die dood uitbeeld, spesifiek ten opsigte van rituele en prosesse wat in verband met die dood staan. Die twee tekste kom chronologies ten opsigte van datum van publikasie aan bod, wat beteken dat die kortste werk wat ook die minste ruimte hier in beslag sal neem eerste onder die loep geneem word.

Elke werk se basiese verhaallyn sal eerstens weergegee word, maar spesifiek op 'n wyse wat die belangrikste karakters vir hierdie studie belig asook aspekte wat belangrik is vir hierdie ondersoek. Die karakters wat sterf word dus veral belig, die ritualisering met betrekking tot die dood wat aangetref word, asook die dominees en/of pastore (en ander liturge) se wyse van betrokkenheid by die sterwende karakters en die gepaardgaande ritualisering. Dit is nodig dat hierdie inligting telkens eerstens weergegee word ten einde die wyse waarop die dominees en pastore sterwensproesse en -rituele hanteer, beter te beskryf en sodoende die wyse waarop Schoeman hulle in hierdie verband uitbeeld, in kaart te kry.

3.1 Die twee dominees en Meester in 'n Lug vol helder wolke

In 'n *Lug vol helder wolke* woon tant Annie saam met haar dogter Alida as bywoners op die plaas Eindvlei van haar oorlede man, Hendrik, se broer Barend. Oom Barend is getroud met tant Hessie en hulle het 'n seun Kobus en 'n dogter Hesther wat by hulle woon terwyl hulle seun Lood in die Rebelle dood is en hul oudste dogter Hendrina elders woon en getroud is met 'n predikant. Oom Barend is in die eerste deel van die boek sterwend. Met die aanvang van die verhaal is Kobus, die hooffiguur¹⁰, op universiteit, maar moet weens sy vader se siekte terugkeer na die plaas wat hy ook na sy afsterwe erf, maar waarin hy nie veel erg het nie. 'n Sentrale tema in die novelle is Kobus se verskeurdheid tussen sy studies en eie ideale en die verwagtinge wat bestaan dat hy die boerdery na sy vader se dood moet oorneem. Ander belangrike karakters is Kobus en Hesther se ouma wat ook by hulle woon, tant Mart,

¹⁰ Jooste (1999:548) toon tereg aan dat die hooffigure in Schoeman se vroeë romans dikwels jongerige mense is en ook dat hulle dikwels moet kies vir of teen gemeenskapswaardes.

Meester die skoolmeester met wie Kobus 'n goeie verhouding het en ook Hennie Prinsloo wat op 'n buurplaas woon en 'n ogie op Alida het en sy heimlik ook op hom.

Belangrik vir hierdie studie is die feit dat Hendrina se man, Gysbrand, 'n predikant is en ook dat 'n ander dominee ook na Eindvlei kom om 'n diens daar te lei. Beide hierdie predikante en die wyse waarop hulle uitgebeeld word, behoort tot die kern van hierdie studie. Alhoewel hy nie 'n geordende predikant is nie, kan Meester as die derde liturg beskou word wat ook liturgiese leiding neem in hierdie novelle. Die verhaal het 'n tragiese ontwikkeling deurdat 'n verhouding tussen Alida en haar neef Kobus ontstaan waarin sy swanger word. Sy probeer onsuksesvol met die dominee wat 'n diens op die plaas kom hou, praat oor haar situasie en pleeg tydens sy diens selfmoord deur in die plaasdam in te loop. Beide predikante se liturgiese bedrywighede op die plaas Eindvlei het dus 'n relasie tot die dood, direk in die geval van die begrafnis van oom Barend en indirek ten opsigte van die selfmoord van Alida en Meester lei Alida se begrafnisdiens en ter aarde bestelling.

'n Lug vol helder wolke beskryf Van Vuuren (2002:57, sien ook Kannemeyer, 1988:374) as 'n plaasroman in die realistiese tradisie. Hierdie beskrywing is onder andere ten opsigte van die inner-tekstuur van hierdie teks. Stilisties sou verder heelwat gesê kon word soos byvoorbeeld die wyse waarop Schoeman heerhaaldelik die wind op 'n simboliese wyse inbring, natuurlik ook die wolke asook die draai van die windpompwiel en eintlik die landskap as geheel. Jooste (1999:554) merk tereg op: “Sedert *'n Lug vol helder wolke* skryf Schoeman die Afrika-landskap as 'n formidabele teenspeler vir die soekende mens.”

Wat die inter-tekstuur aanbetref word daar verneem van die Rebelle wat reeds verby is en ook word verwys na die oorlog in Europa (Schoeman, 1967:21) wat die Eerste Wêreldoorlog moes wees. Die historiese gesitueerdheid van hierdie verhaal kan dus rofweg bepaald word as ná 1914 (die Rebelle), maar vóór 1918 (einde van die Eerste Wêreldoorlog). Die hoofklem van hierdie studie is egter soos reeds vermeld die sosiale en kulturele tekstuur met spesifieke klem op ritualiteit en ook liturge en dit is dan ook inderdaad die tema wat vervolgens uitgelig sal word en spesifiek met betrekking tot die dood.

Die dood is 'n sterk deurlopende tema in hierdie novelle. Alreeds op die derde bladsy (Schoeman, 1967:7) tref die leser Alida knielend langs haar vader se graf in die kerkhof op die plaas aan waar sy blomme op die graf plaas. In reaksie op hierdie ritueel merk Kobus teenoor Alida op: “Hulle hou seker nie lank in die hitte nie.” En Alida antwoord: “Nee, net 'n dag, dan is hulle dood” (Schoeman, 1967:3). Die kerkhof word in die loop van die verhaal weer telkens besoek vir ter aarde bestellings en figureer ook sterk simbolies. Terwyl die verhaal verder redelik liniêr ontwikkel, is die leser ook daarvan bewus dat oom Barend sterwend is; dat sommige mense van die kontrei hom soms kom besoek en ander weer nie en ook hoe tant Mart vir hom uit die Bybel voorlees waar hy in sy bed lê (vgl. Schoeman, 1967:25). Al is dit nie die onderwerp wat hier ondersoek word nie, is dit nietemin opmerklik hoedat die dood in die novelle 'n ideale konteks vorm vir Kobus se redelik nihilistiese gedagtes oor die sin van die lewe (vgl. o.a. Schoeman, 1967:32) en gepaardgaande simboliek soos verwelkende blomme (vgl. Jesaja 40:6-7), die wind wat deurentyd beskryf word en spesifiek ook wanneer die dood as tema aangesny word (alles is 'n gejaag na wind, aldus Prediker, maar ook Jesaja 40:7¹¹) en die droogte en die beskrywings van die dorre Vrystaatse landskap, soms gejuksaponeer met Stellenbosch en die Boland (vgl. Schoeman, 1967:26), die prentjie afrond.

Wanneer oom Barend te sterwe kom, word die leser ingelig dat die dood “Stadig maar onvermydelik kom” (Schoeman, 1967:46) en hoedat die vrouens in die huis die sterwende man was, die beddegoed verskoon en vir hom medisyne gee en vars water bring. Gedurende sy vader se sterwensoomblikke is Kobus in die veld en met sy terugkeer laat hy die kis van die waenhuis kom, die graf grawe en die bure in kennis stel (Schoeman, 1967:47&51). Kobus gaan dan ook na die kamer om vir 'n laaste keer na die lyk van sy vader te kyk. Verdere ritueel-liturgiese aktiwiteite wat in verband met die afsterwe van oom Barend en sy dood staan, is dat die kis toegespyker word, die begrafnisreëlings getref word, skape geslag word, daar gebak word, die vroue swart dra, die vroue “sakdoeke as rougebaar” (Schoeman, 1967:55) in hulle hande hou en die kis in die voorhuis geplaas word. Dit is op hierdie

¹¹ “gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wond daarvoor laat waai” Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) van die Bybel.

moment wat die eerste dominee in verband met die dood en doderituele en rouprosesse uitgebeeld word.

Hendrina en haar man Gysbrand daag op Eindvlei op. Hendrina begin dadelik om beheer te neem oor die huishouding en Gysbrand is by sy skoonmoeder wat op die stoep sit en treur. Die eerste pastor en liturg in die verhaal is dus Gysbrand, oom Barend se skoonseun, maar as karakter word weinig oor hom meegedeel. Sy vrou Hendrina word beskryf as die veel sterker karakter en dat sy die gemeente waar haar man as predikant dien, oorheers. As dominee word Gysbrand beskryf as 'n "sieklieke, bejaarde man wat in alle dinge aan sy vrou toegee" en dat hy by sy skoonma is na haar man se dood "om haar met sagte, slepende stem te vertroos" (Schoeman, 19767:49). Hierdie eerste dominee word dus as 'n siekerige swakkeling uitgebeeld en alhoewel "sagte, slepende tong" nie noodwendig 'n negatiewe beskrywing is nie, verbeeld dit desnieteenstaande iets van 'n ouerige futlose pastor wat dan ook inderdaad bevestig word wanneer hy as liturg optree, "die een hand op die tafel gestut en die ander agter sy rug, terwyl hy stadig praat" (Schoeman, 1967:50).

Tydens die ter aarde bestelling in die kerkhof op die plaas gebruik hy die volgende woorde (Schoeman, 1967:51-52), "... een heerlijke belofte", asook "een eeuwig leven stralend van volmaaktheid en geluk" en "stof". Hierdie woorde is nie soos die ander fragmente waarna vroeër verwys is aanhalings uit Bybeltekste nie en sal bes moontlik veronderstel wees om afkomstig te wees uit die begrafnisformulier of liturgiese handleiding van 'n kerk soos die NG Kerk vroeg in die twintigste eeu, en spesifiek tussen 1914 en 1918. Die ondersoeker is egter skepties daaroor dat al hierdie woorde wel in so 'n bron vervat sou gewees het en dat die woord "stof" daarin sou voorkom en het inisieel gewonder of dit nie eerder liturgiese elemente uit die Rooms Katolieke begrafnisliturgie waarmee Schoeman bekend sou gewees het, is nie? Hierdie vermoede is egter nie heeltemal verifieerbaar nie, aangesien dit deur die eeue in die gereformeerde tradisie nie noodwendig die geval was dat die dominee nougeset by die liturgiese handleidings gehou het nie en veel meer klem op die prediking geplaas het en in daardie opsig is Schoeman getrou in sy uitbeelding van die predikante as liturge.

Desnieteenstaande kan genoem word dat die woord “stof” of die ander frases en woorde soos aangehaal hierbo inderdaad nie in die mees resente begrafnisformulier van die NG Kerk voorkom nie (Clasen et al reds. 2010:167) en ook nie in enige van die formulierboeke sedert die eerste publikasie van ’n eredienshandeling vir die NG Kerk in 1976 nie (cf. NG Kerk, 1988, asook NG Kerk, 1976) wat tot ’n groot mate in kontinuïteit sou gestaan het met die voorafgaande liturgiese tradisie van hierdie denominasie en ander Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Volgens Barnard (1981:378) was daar “geringe ontwikkelinge op eie bodem” wat die Gereformeerde liturgie wat vanaf Nederland na Suid-Afrika oorgeplant is, aanbetref. Hy wys verder daarop dat die Sinode van 1870 besluit het dat ’n begrafnisformulier opgestel moet word, maar die sogenaamde “Begrafenis-formulier” soos uitgegee deur die Kaapse Sinode verskyn eers in 1922 (vgl. Barnard, 1981:379-380). Vir die periode waarin *’n Lug vol helder wolke afspeel* was daar dus nie een aparte begrafnisformulier wat spesiaal opgestel en gepubliseer is vir hierdie doeleindes nie.

Aangesien die moontlikheid wél bestaan dat die formuliere wat moontlik ingebind is in die ou Statebybels wat in gebruik was in groot dele van Suid-Afrika in daardie jare as bron kon gedien het vir hierdie liturje soos die wat voorgaan in *’n Lug vol helder wolke*, is daardie bron ook in die Argief van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in Pretoria ondersoek.¹² Statebybels in hulle versameling is nagegaan, maar die formuliere is nie opgeneem in die wat die ondersoeker kon bestudeer nie, byvoorbeeld die Statebybel wat uit MDCCXLVIII (1748) dateer en in Gorinchem gepubliseer is. In die boek getiteld *Op Trek* (Pretorius, 1988:163) is daar egter ’n hele afdeling wat handel oor begrafnisgebruike tydens die Groot Trek en in die beskyrwing van die begrafnis van Salomon Smit wat deur sy pa Erasmus Smit begrawe word¹³, haal Smit Genesis 3:19 aan, te wete: “In het zweet uws aanschijns zult gij brood eten, totdat gij tot de aarde wederkeert, dewijl gij daaruit genomen zijt; want gij zijt stof, en gij zult tot stof wederkeren.”

¹² In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse kerkhistorikus, dr. Johan van der Merwe van die Universiteit van Pretoria, waardevolle verwysings verskaf en was prof. Hennie Pieterse se kundigheid by die soektog baie behulpsaam.

¹³ Met die begrafnis van Salomon Smit is die kis na die graf gedra met die stoet wat volg waarin Erasmus Smit voor geloop het, gevolg deur die mans, daarna die vrouens en laastens die kinders en die kis met rieme laat sak is (cf. Pretorius, 1988:163).

Dit kan dus met redelike sekerheid gestel word dat Schoeman hier bes moontlik nie soos in die woorde van Oepke Noordmans, kultiese smokkelhandel oor dogmatiese grense, bedryf het deur Rooms Katolieke liturgiese elemente in Gereformeerde vieringe op te neem nie, maar inderdaad getrou was aan wat bes moontlik die bestaande gebruik was, naamlik om 'n keuse van teksverse uit die Statevertaling te laat dien as 'n soort formulier tydens die ter aarde bestelling. Hierdie spesifieke aangeleentheid vra egter vir verdere ondersoek en 'n liturgie-historiese rekonstruksie van die viering van die dood in die laat negentiende- en vroeg twintigste eeu in Suid-Afrika onder mense wat lidmate was van kerke binne die Gereformeerde tradisie. Hoe dit ook al sy, opsommenderwys sou gesê kan word dat Schoeman hierdie dominee, Gysbrand, in sy hantering van die dood op 'n redelik neutrale wyse uitbeeld, alhoewel die karakter self as ietwat van 'n swakkeling uitgebeeld word.

Wat die begrafnisdiens self aanbetref, word dit by die huis op die plaas gehou. Almal dra swart en Gysbrand lei die diens in die voorhuis by 'n tafeltjie waarop 'n Bybel vir hom neergesit is. Sy een hand is op die tafeltjie gestut en die ander agter sy rug en hy praat stadig terwyl die mense met geboë hoofde luister (Schoeman, 1967:50). Vanuit die enkele Nederlandse aanhalings wat weergegee word, is dit duidelik dat Gysbrand se tekskeuse uit Genesis 25 kom waar Abraham sterf en Schoeman gebruik hiervoor grepe uit die Nederlandse Statevertaling van die Bybel. Na die diens neem die draers, wat ongespesifiseer is, maar vermoedelik Kobus en ander nabye familie is, die kis na die kerkhof en versamel die groepie wat die diens bygewoon het om die graf en die “plaasvolk” staan op 'n afstand. Gysbrand se laaste woord voordat die kis laat sak word en die graf daarna toegegooi word deur die plaaswerkers en die ander mense terugloop na die plaashuis vir koffie, is “stof”. “Stof”, hoor hy, die enkele woord tussen die geroep van Freek terwyl hulle die kis laat sak, en die gesnik van die vroue, en die klank van die kluite in die graf” (Schoeman, 1967:51).

Terwyl die mense terugloop na die plaashuis bly Kobus agter by die graf en gesels met Meester. In die gesprek verteenwoordig Meester ten opsigte van geloof 'n meer ateïstiese posisie en merk hy met betrekking tot Gysbrand op: “Jou swaer sal vir jou sê dat daar 'n verborge betekenis is wat net God weet, en dat ons dié feit in geloof moet aanvaar. Dit maak

die lewe seker maklik as jy dit kan glo, as jy enigiets kan glo – dit gee jou ten minste iets om voor aan te gaan” (Schoeman, 1967:52). Die hele gesprek tussen Kobus en Meester vind verder plaas teen die agtergrond van die graf wat toegegooi word en hulle gesprek eindig dan juis ook wanneer die leser verneem dat die graf gevul is.

Bykomende aspekte wat nie soseer as ritualiteit beskryf kan word nie, maar tog ook in verband met die dood staan, is die lees van die testament van Oom Barend en die vrouens wat die huis na die begrafnis opruim. “Meubels word opgevrywe en die geelkoper van ledekante en lampe gepoleer, glas blinkgevryf en meubels afgestof, ornamentjies word versigtig reggesit, en dan word die gordyne toegestrek en die deure die een na die ander gesluit” (Schoeman, 1967:63). Laasgenoemde skynbaar funksionele handeling word hier ingesluit, aangesien dit deur die lens van ’n ritueel-liturgiese bril en spesifiek ook van oorgangsrituele belangrike simboliese handeling is.

Die tweede dominee wat in hierdie novelle aangetref word, word alleen as die dominee benoem en beskryf as “swaarlywig” en verder ook “’n ou man wat nie veel meer doen nie behalwe van plaas na plaas trek om die Woord van God na die afgeleë plekke te bring, moeisaam en ’n bietjie pynlik, maar met volharding, agter sy plig aan in kapkarre en spaaiders...” (Schoeman, 1967:83). Malan (1982:737) is redelik krities oor Schoeman se uitbeelding van karakters in hierdie novelle en merk op, waarskynlik onder meer met verwysing na hierdie dominee, “[d]ie skrywer huiwer nie om hulle venynig aan die hand van ekstreme reaksies te karikaturiseer nie.” Betekenisvol is die pastorale berading wat die dominee eers vir Kobus gee en wat basies daarop neerkom dat hy die jong erfgenaam wat eerder wil studeer en die wêreld verken as boer op sy erfplaas daarvoor vermaan en probeer manipuleer om binne die patriargale sisteem van die Afrikaners sy plek in te neem. Tekenend van die dominee se pastorale styl is dat hy nie na Kobus luister nie, ongeduldig word en erg veroordelend met Kobus praat (vgl. Schoeman, 1967:83-87).

Alida is in dieselfde tyd as wat Kobus met die dominee praat desperaat om ook so ’n geleentheid te kry vir ’n “pastorale” gesprek en raad te kry ten opsigte van haar buite-egtelike swangerskap, maar kan helaas nie ’n oudiënsie kry nie vanweë verskeie redes. Die diens wat

die dominee dan hou, is nie 'n begrafnisdiens nie, maar hoe die dominee die diens hanteer en wat hy sê is die vernaamste rede waarom Alida tydens die diens uit die huis uitloop en selfmoord pleeg in die dam. Die dominee as liturg en prediker se teks is 2 Konings 5 en hy trek 'n parallel tussen melaatsheid en sonde. In die brokstukke van sy preek¹⁴ wat die leser tussendeur optel, word die woorde “boosheid”, “sonde”, “besmet”, “schaamte”, “goddeloosheid” en “verdorvenheid” telkens herhaal en bereik dit 'n hoogtepunt wanneer die dominee sy toepassing uitspel, te wete: “maar kijk hier in uw kring en weet dat een van uw eigen jongedochters jammerlik afgedwaald is en achter de ellendige aanlokkelikhed van de zinnelijke is aan gegaan” (Schoeman, 1967:93). Alida strompel dan by die huis uit, loop na die dam (dieselfde plek waar sy en Kobus vroeër in die verhaal seks gehad het) en stap in die water in terwyl sy saggies sê: “lieuwe Here, ek glo. Ek glo...” (Schoeman, 1967:96) en die modder onder haar voete voel.

Alida se begrafnis word dan deur Meester gehou en nie 'n geordende dominee nie en dit is betekenisvol hoe haar begrafnis verloop in kontras tot die begrafnis van Oom Barend. Die leser verneem dat Meester uit 'n Bybel gelees het en spesifiek onder andere Jona¹⁵, ook gepraat het en as mooi en opreg deur tant Hessie beskryf word, maar deur tant Mart afgekeur word omdat daar volgens haar meer oor Alida as die Here gepraat is. Verder is Alida deur tant Hessie en ander vroue uitgelê en dra die “plaasvolk” haar na haar graf. Die draers moet daarna “buite die muurtjie van die kerkhof bly staan met hul hoede in hulle hande” (Schoeman, 1967:97). Die ritueel van Alida se begrafnis word nie in besonderhede beskryf nie en die leser kan uit die brokstukke wat wel verskaf word dit ten dele rekonstrueer. Op die dominee se optrede as liturg tydens die diens wat hy op Eindvlei gehou het, word wel kritiek uitgespreek en opgemerk dat hy eerder alleen met Alida moes gepraat het, alhoewel ander karakters dit weer goedkeur. Net nadat Kobus egter erken dat Alida met sy kind swanger was,

¹⁴ Binne die kader van hierdie studie word 'n preek as 'n liturgiese ritueel beskou en dus eerder gesien as deel van die sosiale en kulturele tekstuur as van die inner-tekstuur van die teks.

¹⁵ Alhoewel slegs Jona 2:5 en 6b deur Kobus in herinnering geroep word (vgl. Schoeman, 1967:99) sou Meester bes moontlik die volledige perikoop gelees het wat in die Statenvertaling wat Schoeman ook gebruik as volg lui: “5 De wateren hadden mij omgeven tot de ziel toe, de afgrond omving mij; het wier was aan mijn hoofd gebonden. 6 Ik was nedergedaald tot de gronden der bergen; de grendelen der aarde waren om mij henen in eeuwigheid; maar Gij hebt mijn leven uit het verderf opgevoerd, o Heere, mijn God! 7 Als mijn ziel in mij overstelpt was, dacht ik aan den Heere, en mijn gebed kwam tot U, in den tempel Uwer heiligheid. 8 Die de valse ijdelheden onderhouden, verlaten hunlieder weldadigheid. 9 Maar ik zal U offeren met de stem der dankzegging; wat ik beloofd heb, zal ik betalen. Het heil is des Heeren. 10 De Heere nu sprak tot den vis; en hij spuwde Jona uit op het droge.” Hierdie vermoede word dan ook inderdaad later bevestig wanneer Meester dit self noem (Schoeman, 1967:109).

merk hy ten opsigte van die dominee betekenisvol op: “Die dominee het Alida na haar dood geja met die Woord van God, asof dit ’n swaard was om haar mee te delg” (Schoeman, 1967:101). En uiteindelik verkoop Kobus die plaas, kry Hennie dit in besit en dink hy by homself dat Hennie dus ook die kerkhof kry waar Alida begrawe is en haar dus so wél kry.

In ’n gesprek met Kobus word dit ten slotte ook duidelik dat Meester ’n veel beter pastor én liturg is in hierdie novelle as enige van die twee dominees. Dit is Meester wat self wat betref geloofsoortuiging ’n ateïs is, maar vir Kobus in sy roumart daarop wys dat hy nie kan veronderstel dat Alida haar geloof verloor het en God haar in haar sterwensuur verlaat het nie, intendeel, met verwysing na haar laaste oomblikke waar sy na die diens in die water van die plaasdam inloop na haar eie dood merk Meester op: “Miskien het sy soos ’n kind gestap met haar hand in Syne” (Schoeman, 1967:109).

Net soos Kobus vir Alida heel vroeg alreeds in die verhaal in die kerkhof aantref, bly die tema deurgaans sodat daar reg teen die einde steeds na die grafte wat verweer verwys word en word Paulus se beeld van die saadkorrel en die opstandingsliggaam van 1 Korintiërs 15 gebruik met verwysing na die lyke van die gestorwenes in hulle Vrystaatse grafte: “Soos saad in die aarde wag hulle met al hulle lyding en pyn, vreugde en dankbaarheid, om eendag in heerlijkheid te bot” (Schoeman, 1967:113).

Twee karakters sterf op die plaas Eindvlei. Eerstens sterf oom Barend na ’n lang siekbed en tweedens Alida wat selfmoord pleeg. In die geheel gesien pas beide sterftes binne die oorkoepelende afskeid wat plaasvind, te wete Kobus wat nie die boerdery wil oorneem nie en die gevolge daarvan vir die uitgebreide familie. Jooste (1995:145; 1999:550&553) toon aan dat innerlike tweespalt as ’n tussenposisie aantoonbaar is in hierdie novelle met betrekking tot Kobus se gelyktydige belewenis van afskeid neem van die plaas en sy mense en verbondenheid aan hulle, maar dat soos in vele ander romans van Schoeman hierin juis potensiaal opgesluit lê deurdat daar met die taal nuwe moontlikhede en uitweë gevind word. Net soos die tweespalt by Kobus die situasie skep waaruit ’n uitweg gevind moet word, bied die twee sterfgevalle binne die groter geheel ook situasies waaruit uitweë gevind moet word en ook op verskillende wyses.

Voordat die liturje spesifiek bespreek word, kan enkele opmerkings rakende die ritualiteit gemaak word. Die kerkhof en grafte daar funksioneer as 'n raam of *inclusio* in hierdie verhaal. Alida se ritueel om blomme op haar pa se graf te plaas is 'n hoopvolle handeling, alhoewel die simboliek van tydelikheid en sterflikheid ook ingewef word. Hierdie hoop word teen die einde weer aangesny wanneer die Christelike leer van die opstanding van die dooies ten opsigte van dieselfde grafte, alhoewel daar teen die einde van die verhaal twee meer grafte is, simbolies vermeld word met verwysing na die saadkorrelsimboliek van 1 Korintiërs 15 en daarna oorgaan na 'n droom van Kobus oor Alida by die dam. Jooste (1999:550) beskryf in sy bespreking van die reis-tema en tussenskap in sommige van Schoeman se werke wat onder andere 'n *Lug vol helder wolke* insluit die situasie as “'n toestand van die meer nie en nog nie” en ook dat hierdie reise nie noodwendig tot tuis-koms lei nie. Dit is onmoontlik om hier nie na die Christelike dogmatiese leerstuk van die eskatologie te verwys nie en dan spesifiek ook na 'n latere ontwikkeling binne hierdie leer te wete die sogenaamde gerealiseerde eskatologie wat dikwels kortweg omskryf word as “alreeds en nog nie”.¹⁶ 'n *Lug vol helder wolke* staan in sy geheel binne die sfeer van die gerealiseerde eskatologie, 'n dogmatiese leerstuk waarmee 'n jong Karel Schoeman in sy laat twintigs enkele jare vantevore in sy teologiese opleiding kennis sou gemaak het en wat in hierdie vroeë werk ook die wyse waarop die dood en gepaardgaande ritualiteit hanteer word, kleur.

Dit is verder ook betekenisvol hoedat die dam die plek is van beide lewe en dood, die plek waar Alida en Kobus gemeenskap gehad het en sy swanger word én waar sy selfmoord pleeg. Ronald Grimes (2000:316-317) bied 'n voorbeeld van 'n aborsieritueel in *Deeply into the bone. Re-inventing rites of passage* waartydens die vrou wat die spesifieke (eenmalige) ritueel alleen gaan uitvoer onder andere die lakens waarop sy swanger geraak het opsny en begraaft en dus op 'n soortgelyke wyse 'n soort beswering doen. Schoeman (1967:114) gebruik

¹⁶ Eskatologie as 'n leerstuk handel oor die sogenaamde laaste dinge en die woord self is afgelei van die Griekse 'eschatos' wat verwys na dit wat laaste in tyd is. Belewensse gedurende die twintigste eeu soos die twee Wêreldoorloë en die akute ervarings van lyding en 'n versugting na vrede en heelheid het die klem binne hierdie leerstuk laat verskuif vanaf slegs 'n fokus op die eindtye en die eindag of heil wat in die toekoms lê, maar dat die aanbreek van die koninkryk van God ook alreeds in hierdie lewe gerealiseer en na gesoek moet word. Dit gaan dan veral ook oor die inkarnasie of vleeswording van God in Christus in hierdie wêreld as 'n teken van hoe God self in die lewe van Jesus hier en nou alreeds sigbaar word en as 'n heenwysing van wat ook nog in die toekoms wag (cf. Fahlbusch, 2001:122; asook Du Rand, 2013:33).

die plasing van die dam juis ook weer in Kobus se droom teen die einde van die verhaal, maar in sy droom stap Alida met haar wit rok deur die mense met hul swart begrafnisklere in die dam in, maar die water kom nie hoër op as haar knieë nie en sy stap verder totdat sy verdwyn. Ook hierdie beskrywing is sterk eskatologies gekleur en bied onder andere 'n bepaalde Christelike visie op die hiernamaals met beelde uit Openbaring (o.a. Openbaring 7:9-17 waar die groot menigte wit klere dra en besig is om deel te neem aan 'n hemelse liturgie) wat opgeroep word.

Simboliek van stroping en reiniging wat in verband staan met die oorgang ná die dood kan gesien word in die wyse waarop die vrouens die huis skoonmaak na oom Barend se begrafnis. Hierdie aktiwiteite van die vrouens kan geles word as simboliese gedrag wat die oorgang merk van die bestel van Oom Barend as die eienaar van Eindvlei en dit wat na hom sou kom. Aansluitend hierby is die keuse van Bybeltekste dan ook telkens tekste wat transformasie en oorgang verbeeld, te wete die genesing van Naäman, Jona en die saadkorrel (opstandingsliggaam) metafoor van Paulus in 1 Korintiërs 15. Met hierdie enkele opmerkings as agtergrond wat nou aansluit by die algemene kenmerke van oorgangsrituele, word vervolgens spesifiek gefokus op die drie liturge wat voorgaan in dienste in hierdie novelle en hoe Schoeman hierdie karakters uitbeeld met betrekking tot hulle pastorale en liturgiese hantering van die dood.

Gysbrand as eerste pastor en liturg in hierdie verhaal word op 'n soort neutrale wyse uitgebeeld. Hy doen wat hy veronderstel is om te doen, te wete om sy skoonmoeder te ondersteun en die begrafnisdiens en ter aarde bestelling te lei as beide predikant en skoonseun van die oorledene. Die gegewens betreffende Gysbrand is te karig om enigsins sinvolle afleidings te maak, benewens die feit dat Schoeman hom op 'n bykans neutrale wyse uitbeeld.

Die tweede dominee wat in die novelle as pastor en liturg is optree, word veel negatiewer uitgebeeld as Gysbrand. Die ou oorgewig dominee is eintlik 'n soort anti-pastor en anti-liturg wat geensins luister na diegene in nood wat met hom praat nie, maar veroordelend is in beide sy rol as pastor en liturg. Hy gebruik 2 Konings 5 as Skriflesing, maar daarin is 'n diepe ironie ingebed. Afgesien van die genesing van melaatsheid is seker die grootste en betekenisvolste

verandering by Naäman in daardie verhaal dat hy 'n transformasie van hoogmoed na nederigheid beleef. Hierdie inkeer probeer die dominee as liturg afdwing op die 'gevalle sondaar' in sy midde, maar self beliggaam hy as liturg niks daarvan nie, intendeel. Sy *ministerium* as dominee misbruik hy as 'n *officium* waarin hy 'n magspel speel deur die Bybelteks te vergeestelik en homileties vertaal tot 'n sedepreek en publieke vernedering van 'n weerlose swanger meisie wat direk tot haar selfmoord lei. Waar Schoeman vir Gysbrand as pastor en liturg op 'n meer neutrale wyse uitbeeld, is sy uitbeelding van die tweede dominee intens negatief in alle opsigte, maar as sodanig skep hierdie uitbeelding op 'n bykans Hegeliaans-dialektiese wyse van tese (Gysbrand), antitese (die dominee) uiters vrugbare literêre gronde vir 'n sintese (Meester).

Tant Mart is die enigste karakter wat konsekwent negatief is oor die wyse waarop Meester as liturg opgetree het wat die vermoede laat ontstaan dat sy bes moontlik aan die dominee die inligting rakende Alida se swangerskap verskaf het en wat versterk word deur die wyse waarop sy op soortgelyke wyse as in Albert Camus se *Die Buitestaander* die stil teruggetrokke Alida verteken. Die ander karakters, soos byvoorbeeld tant Hessie, merk op dat Meester mooi gepraat het (Schoeman, 1967:96). Soos reeds aangetoon, is Meester se optrede 'n optrede wat van vergifnis en genade spreek en wat as pastor goeie begrip toon vir beide Kobus se situasie en vir Alida. Die ateïs, Meester, hanteer die dood as liturg en pastor veel beter as die twee dominees. Meester vergestalt 'n soort ideaal-tipe ten opsigte van liturgie en pastoraat gegewe die wyse waarop hy die dood ritueel-liturgies hanteer en as karakter beliggaam hy iets van 'n Christus-figuur. As sodanig is Meester veel eerder 'n 'Christelike' liturg en pastor wat die genade van die Evangelie beliggaam as enige van die twee dominees wat as bevestigde bedienaars van die goddelike Woord veronderstel is om die verteenwoordigers van Christus op aarde te wees.

Saam met *By fakkellig* en *Spiraal* ontvang Karel Schoeman in 1970 die Hertzogprys vir hierdie novelle (Malan, 1982:733). Hierdie toekenning ontvang Karel Schoeman weer in 1986 (Jooste, 1999:544) vir 'n *Ander land* wat die roman is wat vervolgens op 'n soortgelyke wyse as 'n *Lug vol herder wolke* bespreek sal word.

3.2 Pastoor Scheffler in *'n Ander land*

Die agterplatteks van *'n Ander land* soos uitgegee in Human & Rousseau se Klassiek-reeks van 2006 som die verhaallyn bondig op as: “Teen die einde van die negentiende eeu kom ’n besoeker uit Europa in die binneland van Suid-Afrika aan, verken die vreemde land, verken sy eie lewe, en doen algaande kennis en begrip op van dít wat tot dusver vir hom vreemd was.” Hierdie een sin som eintlik heeltemal goed die hele verhaal op, alhoewel die behandeling van enkele karakters en verdere opmerkings sal help om die bespreking wat volg beter in perspektief te plaas. Soos Renders (2002:159) tereg opmerk is hierdie ’n roman sonder ’n verhaal en self merk Schoeman (Olivier, 2002:25) oor *'n Ander land* op: “dit is ’n boek waarin daar niks anders gebeur nie as sterwe.”

’n Europese besoeker kom van Nederland en word deurgaans deur middel van sy van benoem, te wete Versluis. Versluis reis na Suid-Afrika, spesifiek Bloemfontein vir gesondheidsredes wat met sy longe te make het en heel moontlik tering is, aangesien hy regdeur die boek hoes en ook bloed hoes. Hy arriveer per koets saam met ’n Joodse egpaar, mnr. en mev. Hirsch, wie dan ook deurgaans in die verhaal besonder gasvry teenoor hom is en hom gul ontvang by hulle weelderige huis in Bloemfontein en ook hulle rytuig en drywer, Amien, tot sy beskikking stel. Met sy aankoms word hy in ’n erge siektetoestand bewusteloos van die koets gedra en in die hotel geakkommodeer waar hy ook aansterk onder toesig van Frau Schröder wat by die betrokke hotel werk. Tydens sy verblyf in die hotel en ook later is dit vir Versluis opvallend hoe daar tegelykertyd ’n afstand en verbondenheid tussen Afrika en Europa is in die laat negentiende eeuse Bloemfontein en die mense daar soos hy dit waarneem in byvoorbeeld die musiek en beskikbaarheid van sjampanje. Deurgaans is Versluis siekerig en eintlik ’n uiters broos karakter met min energie.

Die eerste en enigste predikant wat Versluis met sy verblyf in Bloemfontein besoek en wie dan ook die belangrikste pastor en liturg in hierdie roman is wat in hierdie studie aan bod kom, is die jong Lutherse pastoor Scheffler (Schoeman, 2006:27). Dit is ook tydens hierdie eerste besoek dat die leser verneem dat die Nederlandse predikant, ds. Radloff, met siekteverlof is wat verklaar waarom Versluis nog geen besoek van hom ontvang het nie. En

Versluis vra dan juis ook later vir pastoor Scheffler raad oor waar hy elders kan tuisgaan as in die hotel en op sy aanbeveling ook na mev. Van der Vliet se huis verskuif. Mev. Van der Vliet is 'n redelik welaf weduwee met aansien in die omgewing. Saam met Versluis is daar ook ander loseerders en Versluis sit sy verblyf by mev. Van der Vliet voort. Hy gaan met tye op besoek na die Hirsche en ook na die huis van pastoor Scheffler waar hy ook mev. Scheffler ontmoet, maar veral ook 'n betekenisvolle vriendskap aanknoop met Scheffler se suster Adèle wat soos haar broer Versluis se liefde vir letterkunde deel.

Tydens sy verblyf in Bloemfontein daag nog 'n Nederlander wat ook siek is op, ene Gelmers. Gelmers is van 'n laer sosiale stand afkomstig as Versluis en word alleen maar by die Hirsche en Schefflers goed ontvang, maar deur vele ander karakters, inklusief Versluis, op neergesien. Gelmers se siektetoestand versleg sodanig dat hy deur die Schefflers ingeneem word, waar pastoor Scheffler so goed as hy kan die man versorg. Tydens besoek aan die Schefflers bied Versluis een aand aan om na Gelmers om te sien deur by hom te waak, maar dit is dan ook die aand waarop Gelmers sterf en ook spesifiek in Versluis se arms. Oor hierdie toneel merk Kannemeyer (1998:242) op: "Tonele soos die sterfbed van Gelmers en die dood van die hoofkarakter aan die einde van die roman getuig van 'n ingetoënheid en vakmanskap wat 'n skrywer alleen in sy beleë jare kan bereik."

Dit sou geensins oordrewe wees om te sê dat *n Ander land* basies oor die dood handel nie. Vanaf die eerste bladsy is siekte deel van die weefsel van die verhaal en hoor die leser al ten opsigte van die reis na Bloemfontein dat Versluis inderwaarheid gelukkig is dat hy in sy siektetoestand die reis oorleef het, aangesien die dokter teenoor hom opmerk: "ons is al gewoonnd daaraan om sterwendes en lyke van die koets af te haal" (Schoeman, 2006:11). So byvoorbeeld beleef die leser die eerste sterfgeval van "n jong Skotse dame" (Schoeman, 2006:301) deur Versluis se waarneming daarvan deur sy kamermuur in die hotel, naamlik "die gekraak van die bed, die gehoës, die dringende geluid van die klokkie en die voetstappe en stemme in die gang" (Schoeman, 2006:62). Versluis neem vir sy eie siekte daardie aand 'n groter dosis medisyne as gewoonlik om vinniger en dieper te kan slaap gegewe die situasie in die kamer langsaan, maar word nietemin in die nag wakker van 'n "hoës bui wat nie einde wil kry nie", maar later word tog verneem dat "met 'n laaste gesmoorde snik of kreet, word die gehoës afgebreek, en die stilte wat volg, is meer dreigend as die geluid van verstikking

daarvoor” (Schoeman, 2006:63). Van haar besittings tel Versluis ’n rooi lintjie op wat hy ook regdeur die verhaal by sy eie besittings hou en dit dan ook so op ’n simboliese wyse figureer met betrekking tot hierdie eerste karakter wat in hierdie roman vanweë ’n longkwaal sterf.

Soos die Skotse dame wat in die hotel sterf en Gelmers wat aan huis van die Schefflers sterf, word dit vir die leser regdeur die roman al duideliker dat die Nederlander wat op reis is, nie verder gaan reis as Bloemfontein nie en dat Bloemfontein inderdaad sy eindbestemming is, deurdat hy in Bloemfontein sal sterf. Ten einde hierdie boodskap oor te dra gebruik Schoeman deurgaans ook die vreemde landskap van Afrika as ’n gegewe, maar soos die vreemdheid mettertyd opgehef word, is dit tegelykertyd ook ’n sekere teken dat Versluis se einde baie naby is. Vir Renders (2002:161) is die ruimtelike gegewe so sentraal dat hy die roman tipeer as ’n “ruimteroman”. Waar Versluis reg teen die einde van die verhaal moeisam en baie siek uit die voertuig klim waarmee die Maleise drywer van die Hirsche, Amien, hom gebring het en hy struikelend tussen die bossies en klippe met sy kiere loop en hom dus as ’n verlate Europeër midde-in die harde landskap van Afrika bevind, is die laaste sin van die roman: “Halverweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is, en die bestemming reeds bereik” (Schoeman, 2006:411). En dan is Amien steeds wagtend op die blok van die Landauer sodat Kannemeyer (1988:378) tereg na hom kan verwys as ’n soort Charon-figuur. Die bootsman, of in hierdie geval die koetsier, wat by die spreekwoordelike Styx vir Versluis wag om hom van ‘n ander land’ na ‘n ander land’ te neem. Sodoende is nie alleen Suid-Afrika en meer spesifiek die Vrystaat vir die Nederlander ’n ander land nie, maar soos Kannemeyer tereg opmerk word die dood inderdaad as ’n ander land in hierdie roman gesuggereer. Versluis se einde, oftewel die voltooiing van sy aardse lewe, is deel van ’n groter sterwensproses in hierdie verhaal wat hieronder meer aandag sal kry. Vervolgens sal die enkele rituele met betrekking tot die dood wat in hierdie roman aangetref word, beskryf word en daarna die aantoonbare sterwensprosesse en hoe veral pastoor Scheffler in verband met beide staan en ook uitgebeeld word.

Soos in die geval van die novelle *’n Lug vol helder wolke* kan daar ook met betrekking tot hierdie roman heelwat gesê word oor die sogenaamde inner-tekstuur, inter-tekstuur en sosiale en kulturele tekstuur en weereens sal laasgenoemde tekstuur bespreek word. Wat die inner-tekstuur aanbetref, sal dit gepas wees om te sê dat Schoeman die taalgebruik op ’n besonder

vaardige en subtiële wyse aanpas by die hoofkarakter en tydsgewrig waarin dit afspeel sodat die hele roman 'n Nederlandistiese klank verkry. Deurgaans word hierdie register volgehou en help dit om 'n laat negentiende eeuse Bloemfontein beter uit die verf te laat kom, ook deur middel van die beskrywings van hoe die verskillende karakters se Nederlands en Duits ook van mekaar verskil. 'n Uiters betekenisvolle inner-tekstuur wat geskep word, is die wyse waarop die Europese karakters soos Versluis se verhouding tot die landskap van Afrika ontwikkel en spesifiek die tema van vreemdeling wees in 'n vreemde land, die Europeër in Afrika wat ook die tema van die dood op 'n besondere wyse dien. So byvoorbeeld merk Adèle Scheffler betekenisvol op: “Dis nie maklik om in 'n vreemde land te sterf nie” (Schoeman, 2006:189). Die taalregister en landskapsbeskrywings in verhouding tot die sterwende Versluis dien as dekor vir sy laaste reis.

Met betrekking tot die inter-tekstuur¹⁷ sou 'n hele studie alleen daarvoor kon handel, aangesien grootse klassieke werke op 'n herhalende wyse ingebring word, spesifiek en eerstens Vergilius se Aeneïs waarmee Versluis altyd op reis gaan en ook pastoor Scheffler en sy suster se liefde vir Dante se Goddelike Komodie. Renders (2002:165) skryf insiggewend oor hierdie aspek en wys op die ooreenkomste tussen Scheffler wat vir Versluis lei en ondersteun om Brandkop uit te stap soos Vergilius vir Dante ondersteun op die louteringsberg. Die Bybel kom ook in enkele gevalle ter sprake soos Openbaring 21 en die Nuwe Jerusalem (Schoeman, 2006:394) en ander Europese skrywers, filosowe en teoloë se werke, byvoorbeeld Blaise Pascal se *Pensees* te same met 'n werk oor die Oosterse godsdiens. In laasgenoemde werk herinner pastoor Scheffler hom het hy gelees hoedat die siel die liggaam in die sterwensomblik deur die mond verlaat en wonder of dit nie daardie benouende oomblik is waarvoor mense terugdeins nie, maar of die vryheid nie juis in die oorgawe van daardie oomblik geleë is nie wat 'n soortgelyke bevryding sal wees as die oorgawe aan “die onverkende leegheid” van die land (Schoeman, 2006:296-297). Die wyse waarop van hierdie tekste figureer ten opsigte van die sosiale en kulturele tekstuur wat vervolgens bespreek word, sal na verwys word.

¹⁷ Schoeman se fotoboek uit 1996 waarin daar foto's oor Suid-Afrika en veral die inwoners van Suid-Afrika tussen 1860 en 1910 opgeneem is, help baie om iets van die Suid-Afrikaanse samelewing van daardie jare lewendig te maak (vgl. Schoeman, 1996c) vir beide die boeke wat in hierdie mini-verhandeling bespreek word en so ook die foto-insetsels in sy historiese studie oor Bloemfontein (vgl. Schoeman, 1980) vir spesifiek 'n *Ander land*.

Net soos die tyd waartydens *’n Lug vol helder wolke* afspeel rofweg gedateer kan word as enkele jare na die Rebelle van 1914, bied Schoeman (2006:23) ook in *’n Ander land* enkele sulke merkers met die name van Sir Barkley, president Burgers, Sekhukhune en Cetshwayo wat in die koerant vermeld word en dus histories gedateer kan word as iewers tussen 1872 en 1877 (Van Zyl, 2007:219) wat die ampstermyn van T.F. Burgers as president van die ZAR was. Verder ontmoet Versluis ook vir president Brand wat as ’n karakter in die roman figureer wat Renders (2002:160) laat opmerk dit moet “het einde van de zeventiger jaren van de negentiende eeuw” gewees het.

Deurgaans in die verhaal is daar elemente wat gesien kan word as simboliek wat iets verbeeld van die onvermydelike sterwensproses wat deulitmaak van die vesel van hierdie roman, soos die rooi lintjie (o.a. Schoeman, 2006:402) waarna reeds verwys is. So word daar byvoorbeeld reg aan die begin van die roman, terwyl die siek Versluis nog in die koets is oppad na Bloemfontein, deur die man langs hom ’n aasvoël aan hom uitgewys: “Sy vinger wys in die lug en dui ’n stippel in die ruimte aan: roerloos sweef die voël met uitgestrekte vleuels, soekend, wagtend” (Schoeman, 2006:8; vgl. ook 115). Reg teen die einde van die roman dink Versluis weer aan daardie rit en onthou dan ook weer spesifiek “die swewende aasvoël met vlerke uitgestrek” (Schoeman, 2006:401). Tydens sy verblyf in die hotel bring mnr. Hirsch vir hom blomme, jakobregops en gousblomme, en wanneer die blomme begin verdor weier Versluis dat Frau Schröder dit verwyder (Schoeman, 2006:25). En tydens ’n wandeling gaan sit Versluis op ’n rots in die begraafplaas waar ’n klipmuur verhoed “dat die aanwesigheid van die grafte op onaangename wyse aan hom opgedring word” (Schoeman, 2006:40) en telkens weer in die verhaal neem Versluis se wandelings hom tot digby die begraafplaas (Schoeman, 2006:128, 155-156). Daar is verder ook ’n dooie hond wat Versluis in die straat teëkom en deurgaans funksioneer die harde onverbiddelike Vrystaatse landskap op ’n ruimtelik-simboliese wyse ten opsigte van doodgaan.

Op ’n nog subtieler wyse word die tema soms aangesny soos wanneer bruilofsgaste “Lang zullen ze leven” vir die pas getroude egpaar sing en Versluis eerder op ’n afstand bly staan (Schoeman, 2006:172-173) of wanneer mev. Van der Vliet se hande hom herinner aan hoe sy met dieselfde hande op ’n vaardige wyse lyke uitlê (Schoeman, 2006:237). Deurgaans word daar ook op ’n meer blatante wyse in gesprekke (by mev. Van der Vliet aan tafel en ook by

die familie Hirsch tydens 'n onthaal) verwys na die mense wat doodgaan in Bloemfontein wat merendeels verwysings is na mense soos Versluis, Gelmers en die Skotse vrou.

Bykomend tot hierdie simboliek is daar ook enkele voorbeelde van ritualiteit wat pertinent in verband met die dood staan. Mev. Van der Vliet se oorlede man se portret word vermeld “met lanfer om die raam gedrapeer” (Schoeman, 2006:74; vgl. ook 92, 95, 204) wat funksioneer as herinnering en verering van 'n oorledene en self dra sy, al is sy intussen weer getroud, twaalf jaar ná sy afsterwe steeds 'n swart rok as rougewaad. Hierdie rok word ook na verwys as 'n “routabberd” en dat sy “die voue van haar routabberd met 'n klein, goed versorgde wit hand reg stryk, asof die behoorlike rangskikking daarvan in sigself reeds 'n klein daad van piëteit teenoor die afgestorwene is” (Schoeman, 2006:96).¹⁸ Toe mev. Van der Vliet ook later in die verhaal die bruilof van een van haar loseerders bywoon, verruil sy haar swart rok dan ook slegs vir die duur van die bruilof vir 'n minder somber uitrusting (Schoeman, 2006:181). Wanneer sy die ander Nederlanders uit haar man se tyd wat ook al dood is se name opnoem, word daarna as 'n “litanie van hul name” (Schoeman, 2006:95) verwys. Versluis merk verder op dat haar borsspeld gevlegte haarlokke bevat en wonder of dit haar oorlede man se hare is wat sy steeds met haar saandra (Schoeman, 2006:95). Ten opsigte van mev. Van der Vliet verneem die leser ook dat sy drie kinders aan die dood afgestaan het en merk sy teenoor Versluis op: “Met my eie hande het ek hulle lykies uitgelê, al drie van hulle” (Schoeman, 2006:79).

Benewens hierdie voorbeelde van doderites, is daar natuurlik ook enkele begrafnisdienste in 'n *Ander land* wat uiteraard 'n kern-ritueel met betrekking tot die dood is. Die eerste wat vermeld word, is die van die Skotse vrou wat in die hotel gesterf het. Sy was 'n lidmaat van die Presbiteriaanse Kerk, maar die Lutherse pastoor Auguste Scheffler neem haar begrafnis waar. Die kerkklok lui as 'n “doodsklok” vir haar begrafnis en die diens word verder beskryf as dat die doodskis voor die preekstoel staan met enkele inwoners van die dorp wat dit bywoon in hul swart pakke. Grobbelaar, Hudson en Van der Merwe (1977:160-181) skryf insiggewend oor gebruike rondom die dood en die ooreenkomste tussen die ou Kaapse gebruike en die wat in dieselfde periode, rofweg die eerste tweehonderd jaar na 1652, aan die

¹⁸ In sy historiese boek oor Bloemfontein sluit Schoeman (1980:foto 66) ook 'n foto in van die sogenaamde twee Fichardt-meisies kort na die dood van hulle vader in. In die foto dra hulle lank swart rokke as roudrag.

Kaap in gebruik was. So byvoorbeeld word na die lui van die klok verwys as 'n afweergebruik teen moontlike bose geeste soos wat tromslaners ook vir hierdie funksie in die stamland aangewend is aangesien geraas as afweermiddel beskou is (Grobelaar, Hudson & Van der Merwe, 1977:171). Hulle maak daaromrede die gevolgtrekking dat die “Afrikaanse gebruik om die ‘doodsklok’ by begrafnisse te lui” met hierdie Nederlandse gebruik in verband staan. Behalwe die klokgelui word ook die begrafnisstoet vermeld. Na die diens “sal die stoet die heuwelhelling opsukkel na die begraafplaas” (Schoeman, 2006:126) en later word verneem dat die familie Hirsch blomme vir die begrafnis gestuur het (Schoeman, 2006:141).

Die tweede begrafnis wat ook deur August Scheffler waargeneem word, is die begrafnis van Gelmers en die leser verneem dat dit 'n soort armmansbegrafnis is aangesien hy op die “onkoste en genade van ander mense begrawe moet word” (Schoeman, 2006:323). Ook in die geval van Gelmers se begrafnis word die lui van die klok 'n doodsklok genoem en daar kan afgelei word dat pastoor Scheffler se tekskeuse tydens die diens die hoopvolle eskatologiese beeld van die Nuwe Jerusalem van Openbaring 21 ingesluit het (Schoeman, 2006:393-394).

In sy boek oor die geskiedenis van Bloemfontein het Schoeman (1980:foto 43) 'n foto ingesluit van president Brand se begrafnisstoet waarin heelwat gesien kan word rakende hierdie kernritueel en spesifiek in die jaar 1888, dus maar 'n enkele dekade na die tyd waarin *n Ander land* afspeel.¹⁹ Daar is die deftige swart lykswa wat deur perde getrek word waarop mans in uniform ry; 'n besonder groot aantal roubeklaers wat in hulle swart klere die stoet deur die straat volg en ook die omstanders wat dit aanskou. Die begrafnisrituele wat egter in *n Ander land* uitgebeeld word, bevat van hierdie elemente, maar is tot 'n groot mate ook 'n teenhanger vir hierdie voorbeeld deurdat dit by uitstek die begrafnisrituele van vreemdelinge en buitelanders is wat Schoeman in hierdie roman beskryf.

Die identifisering van voorafgaande simbole en rites met betrekking tot die dood is alreeds 'n duidelike aanduiding dat die dood 'n sentrale oftewel dié sentrale gegewe in hierdie roman is.

¹⁹ Vir meer foto's van begrafnisstoete en ter aarde bestellings in Suid-Afrika sien Grobelaar, Hudson en Van der Merwe (1977:166-167).

Hoedat veral pastoor Scheffler in verband met hierdie ritualiteit staan, is die kernvraag wat hier verken word, maar voordat daardie uitbeelding beter in kaart gebring kan word, moet die sterwensprosesse wat in hierdie werk voorkom ook beskryf word. Die eerste persoon wie se sterwensproses behandel word en dit op 'n bondige wyse, is die van Gelmers en daarna sal Versluis se sterwensproses uitvoeriger beskryf word.

Die Nederlander Gelmers wat bes moontlik deur sy familie na Suid-Afrika gestuur is om te kom sterf en sodoende uit die oog vir hulle te wees, word as 'n soort randeier uitgebeeld, alhoewel op 'n geheel ander wyse as Versluis. Gelmers wil graag inpas binne die sosiale kringe van Bloemfontein, maar vanweë sy afkoms, armoede en algemene etiket is dit alleen by die gasvry Hirsch familie waar hy sonder vooroordeel aanvaar word en by die Schefflers aan huis waar hy uiteindelik kan sterf. Aan huis van die Hirsche tydens 'n onthaal ontwikkel die gesprek aan tafel en een van die seuns verwys na die sterwende mense in Bloemfontein en die mense word opgemerk “lê nou sommer en doodgaan in hotelkamers en buitekamers. Hulle kom hier net om dood te gaan.” Op hierdie opmerking reageer Gelmers deurdat hy met “moeisame jovialiteit” uitroep: “Die beste is dan maar om liever nie dood te gaan nie!” (Schoeman, 2006:142).

Later in die verhaal aan huis by die Schefflers en in die teenwoordigheid van Gelmers en Versluis praat Adèle Scheffler oor die Skotse dame wat oorlede is en vra vir Gelmers daaroor uit. Gelmers antwoord dat hy nie van die geval bewus is nie en dat hy nie daarvan hou om oor siekte te praat nie, “Ons is mos geeneen siek nie” (Schoeman, 2006:301-302). Kort daarna tref Versluis vir Gelmers in die straat aan waar hy te duiselig is om verder te loop en ondersteun hom. Versluis kan duidelik sien en ruik dat Gelmers besonder siek is (Schoeman, 2006:306), wat beteken dat dit 'n baie siek Gelmers was wat nie oor siekte en dood wou praat nie. Hierdie toestand van Gelmers vererger in 'n kort tydjie sodat die leser verneem van sy swaar bloedings en dat hy op sterwe lê en alleen enkele weke oor het. Hierdie is ook die tyd wanneer die Schefflers vir Gelmers by hulle in die Lutherse gemeente se pastorie inneem (Schoeman, 2006:318-319). Dit is daar waar Versluis by Gelmers besoek bring en Gelmers huil wanneer Versluis oor Holland uit die koerant vir hom lees en ook vir hom van lente in Holland vertel (Schoeman, 2006:342-343). In die tussentyd tussen hierdie besoek en die

nagwaak wat Versluis by Gelmers bring, verneem die leser van Adèle Scheffler dat Gelmers onophoudelik hoes.

In die tyd tydens sy nagwaak raak Gelmers ontsteld en vertel vir Versluis dat hy weet dat hy wat Versluis is nie van hom hou nie, en so ook ander mense soos pastoor Scheffler se vrou, en dat hy wat Gelmers is ook wil lewe, maar daarmee bedoel hy veel meer as slegs biologiese lewe en ook en veral sosiale aanvaarding (vgl. Schoeman, 2006:386). In Gelmers se sterwensomblik klou hy verbete vas aan Versluis se pols en merk op: “Ek is bang. Bly by my” (Schoeman, 2006:389), maar dan word verneem: “sy gelaatstrekke vertrek deur ’n skielike angs, maar dan verslap hy weer en sy kop val agteroor asof die nek geknak is, sy mond oop, met bloederige skuim op die lippe “ (Schoeman, 2006:390). Die res van die beskrywing oor Gelmers en sy lyk, te wete “die gesig so vredig en onverstoord soos ’n leë spieël” staan eerder in verband met Versluis se sterwensproses as die van Gelmers.

Gelmers se sterfte en Versluis se betrokkenheid beskryf Kannemeyer (1988:378) as die aangrypendste deel van die roman. Die simboliek van die spieël moet in hierdie verband nie oorgesien word nie. Terwyl Versluis met die dooie Gelmers in sy arms sit, hoor hy hoe die handdoek waarmee die spieël bedek was afgly en dan “In die gloed van die nagliggie sien hy sy beeld weerkaats” (Schoeman, 2006:390). Grobbelaar, Hudson en Van der Merwe (1977:162) skryf insiggewend oor “Volksgelowe by ’n sterfgeval” en onder andere dat vensters en deure oopgemaak word sodat die siel kan uitgaan; balies word omgekeer sodat die siel nie daaraan kleef nie en die huisklok word tot stilstand gebring. Belangrik in hierdie verband is dat spieëls omgedraai word om te keer dat daar nie spoedig weer ’n sterfgeval is nie. Versluis kyk dus direk na die afsterwe van Gelmers in die spieël en as sodanig kan die spieël waarin hy kyk en homself met die dooie Gelmers in sy arms sien as vooruitwysing na sy eie spoedige dood gelees word.

Oorkoepelend gesien staan Gelmers se sterwensproses in die teken van sterk ontkenning, ’n vlag van woede wat hy teenoor Versluis in sy laaste ure kan uiter en daarna angs in sy sterwensuur. By Gelmers is hierdie roete nie gekarteer volgens die bekende Kübler-Ross vyf-fase model waarin ontkenning as eerste fase uiteindelik eindig in die laaste fase van

aanvaarding nie, maar is dit veel eerder 'n eerlik realistiese beskrywing van die dood van 'n bykans besittingslose buitestander, ver van sy land en sy mense wat op 'n ongenaakbare wyse uitgelewer is aan die welwillendheid van enkele mense en geensins al vyf 'tipiese' stadia of fases deurloop ten einde by aanvaarding uit te kom nie, intendeel. Gelmers se sterwensproses is 'n belangrike teenhanger vir Versluis se sterwensproses wat vervolgens behandel word.

In 'n onderhoud met Gerrit Olivier (2002) gesels Karel Schoeman uitvoerig oor die tema van die dood en haal telkens daarin vir N.P. van Wyk Louw (1942:35) aan, naamlik: "Mooi is die lewe en die dood is mooi." Hierdie woorde van Louw kan inderdaad in verband met Versluis se sterwensproses gebring word, maar nie Gelmers se lewe óf dood is mooi nie. Ander versreëls uit dieselfde bundel van Louw, naamlik *Die halwe kring*, wat op verskeie vlakke in verband gebring kan word met Versluis se sterwensproses is: "en weet dat alle rus die lewe dien:/ hoe kon ek dink dat somer ryker is/ as hierdie groei se stil geheimenis?"²⁰ Gelmers se dood is lelik, maar soos nou gesien sal word, is Versluis se dood nie net lelik nie, net soos die Vrystaatse winterlandskap vir die waarderende oog 'n eie estetiese bekoring inhou, is daar ook iets moois in die wyse waarop hy sterf. Die sterwende winterlandskap van die Vrystaat is wat uiteindelik ook weer die 'opstanding' van die somerlandskap 'n moontlikheid maak.

Die roman is ingedeel in vier oorkoepelende dele van I – IV. Vanuit 'n biologiese perspektief betreffende Versluis se siekte kan die verskillende dele van die roman se inhoud soos volg beskryf word: In deel I arriveer 'n siek Versluis vanuit Nederland in Bloemfontein, maar dink teen die einde van deel I dat hy inderdaad gesond is. In deel II waartydens hy van die hotel na die nuwe ruimte van mev. Van der Vliet se huis beweeg, versleg sy gesondheid en kan dit beskryf word as 'n beweging vanaf 'n toestand waar hy dink hy gesond is na waar hy besef dat hy steeds siek is. In deel III is Versluis siek en versleg sy toestand langamerhand en in deel IV kan dit beskryf word as 'n beweging vanaf siekte tot die dood. Hierdie biologies-fisiese manifestasies van Versluis se siekte het terselfdertyd ook 'n psigologiese teenhanger in hoeverre hyself dan ook in hierdie tyd op sy eie idiosinkratiese wyse 'n sterwensproses

²⁰ Kannemeyer (1988:378) bring Versluis se sterwensproses tereg in verband met die seisoene, te wete "Versluis kom aan tydens die somer, bly in Bloemfontein tydens die herfs, en aan die begin van die winter voltooi hy sy 'reis' en bereik hy die 'bestemming'..."

deurloop. Oor die dood merk Karel Schoeman (Olivier, 2002:25) self op: “sterwe is stadia, sterwe is nie onverbiddelik ’n skedel wat hier in jou begin gryns en daar lê jy in ’n doodskis nie. Sterwe is iets wat jy lewenslank mee besig is.”

In deel I van die roman merk Versluis teenoor die dokter op dat hy nie van plan is om te sterf nie en dat indien hy van plan was om te sterf hy dit in Nederland kon doen (Schoeman, 2006:19) wat duidelik toon dat Versluis in hierdie vroeë stadium deeglik daarvan bewus is dat hy siek is, maar nie dat hy sterwend is nie. Hierdie wete verweef Schoeman op ’n ragfyn manier met die inligting wat hy op subtile wyse al vanaf die heel eerste paar woorde van die roman aan die leser mededeel, te wete: “Dat die reis beëindig is, het hy nie eers geweet nie” (Schoeman, 2006:7) wat beteken dat die oplettende leser al vanaf die eerste reël reeds weet wat Versluis veel later eers toe-eien. Ook later word verneem dat Versluis oortuig is dat hy genees is en dus weer wil vertrek en dat hy teenoor mev. Van der Vliet opmerk dat hy nie glo hy lank in Bloemfontein sal bly nie; vir slegs ’n kort besoek gekom het en teen die winter nie meer daar sal wees nie (Schoeman, 2006:70&78-79). Hierdie beskrywing kan as die eerste fase getipeer word, alhoewel dit nie soseer duidelik is of hier sprake is van ontkenning en of Versluis werklik oortuig is dat hy medies gesproke genees het nie. Renders (2002:165) is egter van mening dat deel I inderdaad ’n fase van ontkenning bevat.

Tydens sy verblyf in die hotel het Versluis die sterfte van die Skotse vrou deur die muur beleef en in die volgende fase van sy tyd in Bloemfontein word hy deur ander mense en ook drome telkens aan haar herinner. Tydens ’n gesprek aan etenstafel by mev. Van der Vliet bespreek die ander aan tafel haar afsterwe en Versluis dink dat hy nie daaraan herinner wil word nie, maar tog droom hy dan van haar “wie se bloed in ’n warm stroom uit haar lippe wegvloei om die donker te deurdring en te deurweek” (Schoeman, 2006:124). Soos wat Versluis nie aan die vrou en haar dood herinner wil word nie, so vlug hy ook wanneer hy besef dis haar begrafnisdiens waarvoor die klok lui en haar stoet waarvoor hy wegswenk (Schoeman, 2006:126&128). Hierdie ontvlugting van enige herinnering aan die dood loop ongeveer saam met Versluis se toenemende besef dat hy nie genees is nie, maar inderdaad nog siek is.

’n Baie belangrike oomblik in Versluis se sterwensproses is reg teen die einde van deel II wanneer die dokter wat hom behandel hom meedeel dat die medikasie wat hy vir Versluis aanbied nie geneesmiddels is nie, maar alleen maar sy simptome versag (Schoeman, 2006:241) en die dokter prontuit aan Versluis meedeel dat hy sterwend is en hy niks vir hom kan doen nie. Hierop reageer Versluis met die vraag: “Ek is dus besig om dood te gaan, bedoel u?” (Schoeman, 2006:242) en antwoord dokter Kellner deur te reflekteer oor die sterwensproses wat van besondere belang is in hierdie roman en vir hierdie studie en dus ietwat langer aangehaal word.²¹

“Om die verskynsel van die dood te aanvaar; om die beginsel te aanvaar dat jy self ook moet doodgaan; om jou eie persoonlike sterfte te aanvaar namate dit geleidelik nader – elkeen van hierdie stadiums is ’n nuwe krisis, en wanneer die tyd dan uiteindelik aanbreek om te sterwe, is die sterwenskrisis miskien nog die maklikste van almal. Om dood te gaan, is eintlik nie so moeilik nie, “voeg hy in gedagte by terwyl hy sy dokterstassie weer toeknip. “Maar om die gedágte van die dood te aanvaar, dis wat ’n stryd kos, soms wel ’n lewenslange stryd.” (Schoeman, 2006:242)

Die besef en toe-eiening van hierdie mededeling ontwikkel stelselmatig in die res van die roman en met verskeie geleenthede reflekteer Versluis hieroor (Schoeman, 2006:261, 284) en in deel IV kry hy ook koorsdrome “van afskeid en van vertrek” en ook weer van die oorlede Skotse vrou (Schoeman, 2006:327-328). In ’n droomagtige herinnering aan Nederland en sy reis van daar na Bloemfontein waar hy weer in herinnering roep hoe hy sy huis in Delft se deur agter hom toetrek en langsamerhand die bekende agter hom laat, eindig die passasie met die woorde: “aanvaar die verlatenheid, aanvaar die eensaamheid; aanvaar die dood. Aanvaar, aanvaar” (Schoeman, 2006:331). Hierdie oomblik kan as een van die krisisse gesien word waarna die dokter verwys het en wat ook vir Versluis na ’n laaste fase neem.

Hierdie laaste fase word simbolies onder andere gemerk deurdat Versluis sy eksemplaar van Vergilius wat hy met elke reis saamneem vir pastoor Scheffler gee en sodoende dus bevestig dat hy diep bewus is van die feit dat sy lewensreis in Bloemfontein eindig (Schoeman, 2006:397) en kort daarna word tereg verwys na ’n nuwe fase in sy verblyf. Soos wat die huis van mev. Van der Vliet met geluide van bedrywigheid gevul was kort voor die troue, so is die

²¹ Sien die foto’s van dr. Kellner en sy gesin in *Bloemfontein. Die ontstaan van ’n stad 1846-1946* (Schoeman, 1980).

huis weer met soortgelyke geluide gevul en die leser kan aflei dat die “nuwe feestelikheid” waarop sy haar voorberei die begrafnis van Versluis is (Schoeman, 2006:401). In die laaste paragraaf verneem die leser dat die onbekende land vir Versluis vertrouwd geraak het en dat die leegheid hom opneem en die stilte hom omsluit (Schoeman, 2006:411) wat beide sekere merkers is dat Versluis fisies nie verder as Bloemfontein sal reis nie, maar dat hy inderdaad gereed is om sy psigiese en spirituele reis verder te neem. Renders (2002:166) is dan ook van mening dat die dood nie vir Versluis ’n eindpunt is nie, maar die oorgang na die ewigheid. En self merk Schoeman (Olivier, 2002:24) oor Versluis op: “hy leer om die dood te aanvaar.” Tot sover Versluis se sterwensproses in *’n Ander land*.²²

Benewens pastoor Scheffler en sy vader eerwaarde Scheffler die sendeling op Bethanie, word daar ook verwys na dominees Radloff en sy voorganger Van der Wall van die Nederlandse en dus Gereformeerde gemeente.²³ Die beoordeling van hierdie twee leraars kom uit die mond van mev. Van der Vliet en haar beoordeling herinner enigszins aan die van tant Mart in *’n Lug vol helder wolke*. Sy is van mening dat ds. Radloff nie heeltemal opweeg teen die kwaliteit van Van der Wall nie, aangesien laasgenoemde nog ’n predikant in die ou skool was en “nie bang was om sy mening uit te spreek nie” (Schoeman, 2006:96). Oor pastoor August Scheffler is daar egter heelwat inligting en hy word as pastor en liturg op ’n besondere wyse in hierdie roman uitgebeeld.

Die leser raak vroeg reeds bekend met pastoor Scheffler wanneer hy in die hotel op besoek kom by Versluis. Schoeman doen moeite om hierdie karakter uit die verf te laat kom en spesifiek as redelik arm, effens oudmodies, taamlik jonk en ’n bietjie onseker oor presies hoe om teenoor ’n vreemdeling op te tree. Hy kan beskryf word as geleerd na aanleiding van sy ses jaar lange teologiese opleiding in Duitsland en is lief vir letterkunde, musiek, wetenskap en filosofie. Betekenisvol is die feit dat hy al in die 1880’s Darwin se werk lees (Schoeman, 2006:69). Scheffler is verder getroud met Mathilde en hulle het een kind.

²² Sien ook Luc Renders (2002:164-166) se uitstekende bespreking van die dood in hierdie roman.

²³ Daar is ook ’n sydelingse verwysing na pastor Winter wat van die Lutherse na die Nederlandse kerk oorgegaan het, maar meer word nie oor hom meegedeel nie (vgl. Schoeman, 2006:96-97).

Pastoor Scheffler is by uitstek 'n pastor met 'n hart vir die eensames en randfigure (vgl. ook Renders, 2002:164) en herinner so enigins aan Meester in *n Lug vol helder wolke* en is as karakter verwant aan ds. Heyns in *Die uur van die engel* en ook Danie Steenkamp in daardie selfde roman (Schoeman, 1995). Met sy eerste kennismaking met Versluis (Schoeman, 2006:28) praat hy al op 'n hoopvolle, opbouende wyse oor die herstel en genesing wat in Bloemfontein kan plaasvind. Scheffler laat vaar die amptelike verwagtinge heel vroeg ook wat as 'n egtheid, eerlikheid en opregtheid in sy optrede teenoor die siek Versluis beskryf kan word (Schoeman, 2006:31) en wanneer Versluis op sy beurt vir Scheffler opsoek is die hartlik en besonder gasvry teenoor hom (Schoeman, 2006:65). Wat verder as 'n positiewe uitbeelding ten opsigte van Scheffler se karakter waardeer kan word, is mev. Van der Vliet se redelik negatiewe waardering van hom en dat daar volgens haar mense in sy gemeente is wat bedenkinge oor hom het en dat hy “miskien selfs té goed” is, veral dan ook omdat hy vir Gelmers tuis by hom ingeneem het (Schoeman, 2006:97&321; sien ook Renders, 2002:164). Hierteenoor merk Versluis op dat hy, Scheffler, vriendelik was teenoor hom wat Versluis is.

Die rituele met betrekking tot die dood wat pastoor Scheffler waarneem en ook self as liturg in voorgaan, is twee begrafnisse en ter aarde bestellings, eerstens die van die Skotse dame wat in die hotel oorlede is en later ook Gelmers se armmansbegrafnis. Die leser kan aanneem dat dit bes moontlik ook pastoor Scheffler sal wees wat Versluis se begrafnis as liturg sal hanteer. In hierdie optrede is dit opmerklik dat hy die liturg is wat as Lutheraan 'n Presbiteriaan begrawe (die Skotse dame), vir Gelmers wat as Nederlander bes moontlik nie self 'n Lutheraan was nie en al is dit alleen maar spekulasie, dalk ook Versluis as nie-gelowige. Pastoor Scheffler se vader, eerwaarde Scheffler, merk tereg op dat sy seun vir Versluis wat nie in iets glo nie beter sal verstaan as wat hyself kan (Schoeman, 2006:252-253).

August Scheffler se betrokkenheid by die sterwensprosesse van die drie sterwende karakters in die roman, die Skotse dame, Gelmers en ook Versluis, korreleer met sy liturgiese optrede sodat daar geen diskrepansie tussen sy identiteit as pastor en sy identiteit as liturg is nie. Die leser verneem dat hy inderdaad die sterwende Skotse vrou wat nie een van sy lidmate is nie in die hotel besoek het terwyl sy op haar sterfbed gelê het. Ten opsigte van die sterwende Versluis besoek hy die vreemdeling in die hotel, soek vir hom beter huisvesting, neem hom

saam tydens besoek in die distrik en neem hom gereeld as gas in sy huis op. En die hoogtepunt van sy sterwenspastoraat is dat hy vir Gelmers wat geen heenkome het nie in sy pastorie inneem sodat die daar sy laaste dae kan deurbring en by hulle aan huis kan sterf. Indien daar een karakter in hierdie roman is wat self nie terminaal siek is nie, maar terdeë verstaan dat dit nie maklik is om in 'n ander land te sterwe nie, dan is dit pastoor August Scheffler.

Die kernvraag van hierdie ondersoek lui: *hoe word persone in die amp in die Protestantse tradisie (dominees en pastore) en hulle hantering van sterwensprosesse en -rituele in enkele werke van Karel Schoeman wat in Suid-Afrika afspeel uitgebeeld? Voorafgaande beskrywing help om hierdie vraag met betrekking tot die Lutherse pastoor August Scheffler te beantwoord. Dit wil voorkom asof Scheffler iets verstaan van vreemdelingskap en die broosheid van hierdie lewe. Hierdie insig beliggaam hy in sy pastoraat deur die wyse waarop hy buite kerklik-denominasionele en plaaslik-gemeentelike grense om en ten koste van sy eie finansies, uitreik na die sterwende vreemdelinge in sy midde wat dan ook liturgies gestalte vind in die feit dat hy die predikant is wat hierdie mense ook begraaft. Scheffler is die pastor en liturg van die buitelanders en word as sodanig as karakter uiters gunstig deur Schoeman uitgebeeld en ook nie soos in *'n Lug vol helder wolke* teenoor ander karakters wat ook as pastors en liturges optree nie, maar op sigself. Die karakter wat met betrekking tot rousimboliek wél as 'n soort teenhanger vir pastoor Scheffler gesien kan word, is mev. Van der Vliet, alhoewel sy nie as in daardie verband liturg optree nie.*

Volgens Renders (2002:167) het Schoeman met hierdie roman 'n belangrike eietydse bydrae gelewer tot literatuur oor die dood. Soos reeds genoem ontvang Schoeman die Hertzogprys vir beide werke wat reeds bespreek is. In 1995 ontvang hy weer hierdie prys vir sy roman *Hierdie lewe*. In 'n bespreking van Karel Schoeman se werk maak Kannemeyer die uitspraak dat hy *Die uur van die engel* as 'n groter roman as *Hierdie lewe* ag ('n siening wat deur Van der Merwe, 2014:12 gedeel word). Soos reeds in die inleiding van hierdie mini-verhandeling vermeld is *Die uur van die engel* 'n roman wat by uitstek ook die lesing wat in hierdie mini-verhandeling gedoen is sal kan dra, alhoewel die ruimte daarvoor hier ontbreek. Vervolgens sal hierdie ondersoek afgesluit word met enkele slotopmerkings in die laaste hoofstuk.

4. Konklusie

“Alle mense is soos alle ander mense, soos geen ander mense nie en soos sommige ander mense” merk die Yale teoloog Nora Tisdale (2008:79-87) tereg op. Sommige mense stel belang in die spesifieke Suid-Afrikaanse politieke konteks en geskiedenis en daarom sal die betrokke romans van Schoeman, waarvan *Na die geliefde land* (Schoeman, 1972) seker die bekendste is, tot hulle spreek terwyl ander lesers weer min daaraan sal hê. Alle mense is soos geen ander mense nie en gevolglik is daar dalk minder mense wat hulself kan verdiep in sekere van Schoeman (1965 & 1998) se werke soos *Veldslag* of *Verliesfontein*.²⁴ Albei werke wat in hierdie mini-verhandeling bespreek is, spreek egter tot die sogenaamde *condition humaine*, dit handel oor lewe en sterwe, oor die basiese van mens-wees en daarom dus sake wat alle mense raak.

Al is beide hierdie werke gewortel in die kontinent van Afrika het hulle ’n universele strekking en as sodanig die potensiaal om tot alle mense wat soos alle ander mense is, te wete sterwend, te spreek. Soos J.C. Bloem tereg skryf: “Is elk wezen zwanger van de dood.”²⁵ Hoe dit ook al sy, binne ’n moderne konteks wat al selfs met tye getipeer is as ’n “death denying” (vgl. Louw, 1994:167-168) samelewing, is Schoeman egter dapper om hierdie moderne taboe, die dood, met soveel diepgang te verken aangesien dit nie noodwendig ’n groot lesersgehoor lok nie. Al handel hierdie werke oor temas wat elke mens deel, is hulle gegewe die tyd waarin hulle aangebied is, naamlik die laat-twintigste eeu, ten dele wel kontra-kultureel deur juis die dood as tema so diepgaande aan te sny. En die wyse waarop hy dit doen en dan ook rituele kenners as pastors en liturge as karakters ten opsigte daarvan te laat figureer, maak van die twee gekose tekste inderdaad tekste wat die lesing wat in hierdie mini-verhandeling gedoen is, kan dra.

In hoofstuk 1 is ’n inleiding en uiteensetting gegee ten opsigte van Schoeman se kreatiewe oeuvre en spesifiek ook met betrekking tot die tema van dominees en die dood. Daar is die sentrale vraagstelling ook op die tafel geplaas en afgebaken. In hoofstuk 2 is die teorie en

²⁴ Uiteraard is die onderskeid wat hier getref word enigsins kunsmatig en sal daar elemente in elkeen van hierdie werke wees wat hierdie grense oorskrei.

²⁵ ’n Versreël uit sy gedig “Insomnia” met die openingsreëls: “Denkend aan de dood kan ik niet slapen,/ En niet slapend denk ik aan de dood,” waarna Schoeman en Olivier (2002) ook verwys.

metode vir die studie in kaart gebring en is daar spesifiek 'n keuse vir 'n sogenaamde sosiaal-wetenskaplike leesstrategie gemaak. In lyn met die sosiaal-wetenskaplike leesstrategie is die verskynsel oorgangsritueel en spesifiek met betrekking tot die laaste oorgang in die lewe van die mens verken aan die hand van die werk van veral Catherine Bell en Ronald Grimes, seker die twee belangrikste eksponente binne die domein van die Ritual Studies in die laaste paar dekades. Daarnaas is die bekende fases van die sterwensproses van Elisabeth Kübler-Ross in kaart gebring en 'n kort bespreking van rituele kenners binne die Protestantse en veral Gereformeerde tradisie is gedoen. Hierdie teorie en metode is in hoofstuk 3 toegepas deurdat die twee gekose tekste, te wete *'n Lug vol helder wolke* en ook *'n Ander land*, deur gebruikmaking van daardie lense gelees is.

Karel Schoeman se uitbeelding van dominees met betrekking tot die dood in die gekose twee tekste kan as 'n kritiese én waarderende uitbeelding getipeer word. Sy uitbeelding van sommige van die predikante, en dikwels ook indirek by monde van ander karakters in die tekste soos tant Mart en mev. Van der Vliet, maak dit duidelik dat hy krities staan teenoor 'n outoritêre predikant by wie daar min sprake van medelye is met sy medemens in nood met 'n oormatige klem op sonde eerder as vergifnis en genade. Net so het hy 'n waarderende uitbeelding van predikante (en Meester as liturg en pastor) waar die teenoorgestelde wél waar is. Dit is in die lig van die sosiaal-wetenskaplike lesing wat in hierdie mini-verhandeling gedoen is duidelik dat Karel Schoeman goed ingelig is ten opsigte van beide die dood as 'n proses en ook rituele kenners wat die proses en gepaardgaande rituele hanteer.

Van die vier liturge en pastors wat in hierdie werke uitgebeeld word in hulle hantering van die dood is dit Meester in *'n Lug vol helder wolke* en Pastoor August Scheffler in *'n Ander land*, as tot 'n sekere mate buitelanders en mense wat nie aan die verwagting van die samelewing volledig voldoen nie, wat Schoeman as die mees ideale liturge en pastors uitbeeld. Hierin is Schoeman duidelik getrou aan sy tematiek met betrekking tot buitelanderskap en hoe dit juis die buitelanders is wat besonder moeilike pastorale aangeleenthede soos die dood by uitstek goed hanteer. Jooste (1999:547) merk tereg op dat Schoeman se hoofpersonasies as buitelanders telkens oor genoeg energie beskik “om lyding te oorstyg of doodgewoon verder te reis.” Dit is ook waar ten opsigte van hierdie buitelanderskap wat as buitelanders binne die algemeen sosiale, maar juis ook religieuse sfeer, tog

genoeg energie het om op 'n besondere wyse te sorg en voor te gaan ten aansien van hulle sterwende naastes. By die groot oomblik van skeiding met hierdie lewe is dit diegene wat alreeds op aarde iets van skeiding en verlies aan eie lyf beleef het wat die mees sinvolle ritueel-liturgiese en pastorale bystand en leiding verskaf. Die gewonde genesers van hierdie wêreld word deur Schoeman in sy karakters as beter genesers in die pastorale sin van die woord uitgebeeld wat insgelyks geld vir die wyse waarop hulle liturgies voorgaan. Hierdie tema word tot 'n verdere hoogtepunt gevoer in *Die uur van die engel* veral in die uitbeelding van ds. Heyns waar hy Oom Lammies versorg (Schoeman, 1995:300-302) en ook in die karakter van Danie Steenkamp oor die algemeen in daardie roman. Of hierdie karakters, Meester, pastoor Scheffler, ds. Heyns en Danie Steenkamp, tot 'n mate as Christus-figure beskou kan word, sal daar nie hier oor gespekuleer word nie, alhoewel hulle karakters wel aan 'n Christus of dalk 'n Franciskus herinner.

Soos 'n refrein loop die woorde “Die verlede is 'n ander land” deur die romans in die Stemmetrilogie. Die skrywer soek tastend in die donker na stukkie van die legkaart van die verlede, maar teen die einde van elkeen van hierdie romans is die verlede, ten spyte daarvan dat sekere insigte verkry is, steeds vir die leser grotendeels 'n ander land. Dieselfde geld ten opsigte van die groot misterie van die menslike bestaan – die dood. Die Nederlandse liturgis Gerard Lukken (1999:273) skryf tereg: “Het is alsof de mysterieuse glimlach die vaak op het gezicht van de dode te lezen is, verwijst naar een andere wereld.” Soos die verlede bly die dood ook 'n misterie, 'n ander land, maar ten opsigte van beide is daar in die mens die oer-verlange dat daar tog ten opsigte van beide 'n strepie lig sal deursyfer.

Miskien staan die soeke in hierdie mini-verhandeling, en dalk ook die gekose werke van Schoeman, in die eeueoue tradisie wat ten spyte van die donkerte wat die verlede en die dood omsluit, tog wil poog om 'n skrefie daarop oop te trek en iets wyser te word. Helaas het die oermens al ontdek dat wanneer dit by die dood kom woorde te kort skiet. Pogings in die Bybel om iets hiervan te verwoord is merendeels deur middel van metafore en rituele en deur die eeue was dit wat vir die mens in die aangesig van die dood die meeste sin gemaak het bes moontlik nie woorde nie, maar eerder handeling soos, afhange van die fase van die sterwende of oorlewende, huil, gil, lag, brand, breek, skeur, as strooi, hare skeer, graaf, bou. Dit wil voorkom asof metaforiese taal die naaste kom aan sinvolle taal in die aangesig van die

dood, maar nog meer, dat simboliese handeling en meer nog rituele tot die basale domeine van menswees spreek en op so 'n vlak inderdaad as die sinvolste en troosrykste beleef word. In die aangesig van die dood word die mens stil en is die eerste reaksie meestal 'n handeling, om net iets te doen, iets te moet doen, wat ookal. Soos Donkie Viviers in gert vlok nel (1993:38) se gedig²⁶ wat met die nuus dat sy ma dood is gewoon net begin hardloop, uit die klaskamer, uit die skoolterrein, uit Beaufort-Wes uit tot in die buitenste ruimte. Deur die eeue was daar dan ook sogenaamde rituele kenners wat dominees en pastore insluit om prosesse en rituele rondom die dood te fasiliteer. Hierdie taak het hulle met wisselende mates van sukses uitgevoer soos dit ook blyk uit die twee werke van Schoeman wat behandel is.

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie verken is, is maar een klein deeltjie van 'n veel groter legkaart betreffende die kreatiewe oeuvre van Karel Schoeman. Soos reeds vroeër aangetoon is die spirituele dimensie in die kreatiewe tekste van Schoeman steeds 'n area wat vra vir verdere ondersoek en in aansluiting daarby kan ritualiteit gevoeg word. Die werk wat voorlopig in die kort bestek van hierdie mini-verhandeling gedoen is, sal goedsikks ook in toekomstige navorsing met *Die uur van die engel* verder geneem kan word.²⁷ 'n Groter en veel omvattender studie wat ook nog gedoen kan word, is om die vraag te verken hoedat Schoeman predikante (die amp) as sodanig uitbeeld en in hierdie verband is soos reeds ook al in die inleiding genoem dat *Die vrou wat alleen bly* (Schoeman, 2014) 'n interessante toevoeging tot sy gepubliseerde kreatiewe oeuvre is waarin een van die hoofkarakters, Helgard, 'n predikant is wat sterf in 'n skietongeluk. Benewens hoe hy die amp in sy kreatiewe fiksionele tekste uitbeeld sou so 'n ondersoek nog verder ge-augmenteer kon word deur ook werke uit sy nie-fiksionele oeuvre in te sluit, alhoewel so 'n studie 'n besonder groot omvang sal hê en bes moontlik die ruimte van 'n volledige doktorsale proefskrif sal benodig. Op soortgelyke wyse sal 'n studie oor Karel Schoeman se uitbeelding van die dood as sodanig 'n besonder interessante studie kan wees, ook in die lig van sy eie opmerkings teenoor Gerrit Olivier (2002) oor hierdie tema, maar weereens sal 'n ondersoek na die dood in die kreatiewe oeuvre van Schoeman ten minste 'n volledige proefskrif in beslag neem. In hierdie opsig merk Burger (2009) tereg op: “Kyk hoe dikwels word na grafstene en begraafplase in sy werk verwys, en hoe dikwels eindig sy romans met die dood of 'n vertrek” en vergelyk hy

²⁶ Die titel van die betrokke gedig is “Die dag toe hulle vir Donkie Viviers.”

²⁷ Daar is al goeie navorsing gedoen oor hierdie roman, vergelyk voorlopig in hierdie verband Van der Merwe (2002), ook Van der Merwe (2014) en Viljoen (2002).

Schoeman se boeke met grafstene as “’n band tussen die dooies en die lewendes” en ook “tussen die dooies en die leser.” Hierdie opmerkings en bestaande navorsing van Burger is verseker ’n terrein wat vra vir verdere verkenning.

Was dit nodig vir ’n teoloog om sy tyd te spandeer aan hierdie kort reis om hierdie mini-verhandeling te skryf? Waarvoor help dit regtig? Die skrywer van hierdie mini-verhandeling se veld is eintlik die Teologie, spesifiek die Praktiese Teologie, en hy skryf hierdie ’n mini-verhandeling as navorsing gedoen binne die Geesteswetenskappe, spesifiek Afrikaans en dus vanuit ’n andersoortige epistemologiese basis as die waaraan hy gewoon is. Hierdie navorsing was inderdaad ’n reis en hierna moet hy in sy wetenskaplike werk om den brode weer terugkeer na die Praktiese Teologie. Die vraag bly na hierdie kort reis deur die landskap van die Afrikaanse Letterkunde steeds, *qui bono?* Volgens Willie Burger (2014) is Karel Schoeman se boeke nie “vol antwoorde of planne vir voortbestaan of interpretasies van identiteit nie. Elkeen ontdek iets hiervan vir sigself.” Die ondersoeker is op hierdie stadium steeds onseker oor wat die antwoord op hierdie vraag vir sy eie werk en menswees is en sluit daarom gewoon hierdie navorsingsverslag af met ’n aanhaling van Nikolaas uit *Die Hemeltuin*.

“Later sal hy uitvind, wanneer hy weer tot rus gekom het en alles helder en duidelik is as hy daarop terugkyk; later, wanneer hy verder gereis het en die gebied wat hy agtergelaat het met ’n enkele blik kan oorsien en herken. Dog selfs terwyl hy hom met dié besef probeer troos, weet hy dat dit nie so is nie, en dat hy sy hele lewe lank sal bly dra aan die herinnering van iets wat hy meegemaak het sonder om dit ten volle te verstaan, iets waarmee hy saamgeleef het sonder om dit ooit werklik te leer ken; iets wat hy vir altyd verloor het en vir altyd sal besit” (Schoeman, 1979:153).

5. Bibliografie

Arbuckle, G.A. 1991. *Grieving for Change. A spirituality for refounding gospel communities*. Londen: Geoffrey Chapman.

Babbie, E & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. (With contributions by Payze Vorster Boshoff Prozesky). Kaapstad: Oxford University Press.

Barnard, A.C. 1981. *Die Erediens*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Bell, C. 1997. *Ritual. Perspectives and Dimensions*. Oxford: Oxford University Press.

Boeve, L. et al reds. 2003. *Levensrituelen en sacramentaliteit. Tussen continuïteit en discontinuïteit*. Meander 5. Kampen: Uitgeverij Gooi & Sticht.

Burger, W. 2002. “Stemme uit die duister: Schoeman se bemoeienis met die verlede.” in:

Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 228-241.

Burger, W. 2009. “Schoeman se boeke as grafstene.” *Die Burger*

<http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/dieburger/2009/10/26/SK/6/willie%20SCHOEMAN%20OP%2070.html> (Besoek op 09/12/2014).

Burger, W. 2010. “Grafstene in Karel Schoeman se *Hierdie lewe*. Vertellings wat die afwesige aandui.” *Stilet XXI*, 81-95.

Burger, W. 2014. "Oeuvre as sy bolwerk teen vergetelheid." *Beeld*

http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2014/10/28/7/willie_karel_schoeman_75_1650_23_0_469465249.html (Besoek op 09/12/2014).

Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Bybel dat is, de gansche H. Schrift, Vervattende alle de Kanonyke Boeken des Ouden en Nieuwen Testaments. Door last van de Hoog-Mogende Heeren Staten Gerenraal Der Vereenigde Nederlanden, en volgens de Besluit der Nationale Synode, gehouden te Dordrecht, in de Jaren 1618 en 1619. Gorinchem: Nicolaas Coetzee, Ordinaris Stadsdrukker, MDCCXLVIII.

Calvyn, J. 1541. "Draft Ecclesial Ordinances. September & October 1541". In: Reid, J.K.S. (red.). 1984. *Calvin: Theological Treatises. The Library of Christian Classics*. Ichthus Edition. Philadelphia: The Westminster Press.

Calvyn, J. 1991. *Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 4*. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom: CJBF.

Clasen, F. et al (reds.). 2010. *Handleiding vir die erediens*. Wellington: Bybel-Media.

Coetzee, J.M. 2002. "n *Ander land*" in: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 140-142.

Crous, M. 2010. “Tussen mans: ’n perspektief op homososiale begeerte in Karel Schoeman se *’n Ander land*.” *LitNet Akademies* 7/2, 1-13.

De Clerck, P. 1994. “‘Lex orandi, lex credendi’: The Original sense and Historical Avatars of an Equivocal Adage”. *Studia Liturgica* 24, 178-200.

De Villiers, I.L. 1972. *Leitourgos*. Kaapstad/ Johannesburg: Tafelberg-Uitgewery Beperk.

De Visscher, J. 1996. *Een te voltooiën leven*. Kampen: Kok Agora.

Douglas, M. 2003 [1970]. *Natural Symbols. Explorations in Cosmology*. Londen/ New York: Routledge.

Du Rand, J. 2013. *Die Einde. Die A-Z van die bybelse boodskap oor die eindtyd*. Vereniging: CUM.

Fahlbusch, E. 2001. “Eschatology.” in: Fahlbusch, E. et al (reds.). *The Encyclopedia of Christianity*. Volume 2, E-I. Grand Rapids, MI/ Cambridge: W.B. Eerdmans Publishing Company, 121-132.

Giliomee, H. 2002. “Karel Schoeman as historikus.” Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 98-106.

Gouws, T. 1993. “Stilte se tekstuur hou jou gevange”
<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1993/10/11/6/8.html> (besoek op 24/06/2014)

Grimes, R.L. 2000. *Deeply Into The Bone. Re-Inventing Rites of Passage*. Berkeley/ Los Angeles/ Londen: University of California Press.

Grimes, R.L. 2014. *The Craft of Ritual Studies*. Oxford/ New York: Oxford University Press.

Grobbelaar, P.W.; Hudson, C.W. & H. van der Merwe. 1977. *Boerewysheid*. Die Afrikaner en sy kultuur, Deel IV. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Grobbelaar, M & H. Roos. 1993. “’n Interpretasie van Karel Schoeman se roman *'n Ander land* binne die raamwerk van die laat negentiende eeuse estetisistiese en dekadente literêre tradisie.” *Literator* 14/1, 1-12.

Jooste, G.A. 1995. “Die vreemdelingskapstema in enkele romans van Karel Schoeman. ’n Bespreking van die tussenskap.” *Literator* 16/1, 139-150.

Jooste, G.A. 1999. “Karel Schoeman (1939-).” in: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief & Profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, 544-564.

Kannemeyer, J.C. 1998. “Karel Schoeman.” in: *Op weg na 2000. Tien jaar Afrikaanse literatuur 1988-1997*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 242-255.

Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Klopper, E. 1999. “The use of Conceptual Metaphor in Karel Schoeman’s *Another Country*.” *Alternation* 6/2, 321-331.

Kübler-Ross, E. 1969. *On Death and Dying*. Londen: Routledge.

Leith, J.H. 1990. *From Generation To Generation. The Renewal of the Church According to Its Own Theology and Practice*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Louw, D.J. 1994. *Illness as crises and challenge. Guidelines for pastoral care*. Halfway House: Orion Publishers.

Louw, N.P. Van Wyk. 1942. *Die halwe kring*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Malan, C. 1982. "Karel Schoeman." in: Nienaber, P.J. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde deur G.S Nienaber, Rob Antonissen, André P. Brink met skrywersprofilele deur agt-en-dertig medewerkers*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery, 735-748.

Malina, B.J. en R. Rohrbaugh. 1992. *Social-science commentary on the Synoptic Gospels*. Minneapolis: Fortress Press.

Malina, B.J. en R. Rohrbaugh. 1998. *Social-science commentary on the Gospel of Johns*. Minneapolis: Fortress Press.

McVann, M. 1991. "Rituals of status transformation in Luke-Acts: The case of Jesus the prophet". In: Neyrey, J.H. (red.). *The Social World of Luke-Acts. Models for Interpretation*. Peabody: Hendrickson Publishers, 333-360.

Mulders, J. 1965. "Lex orandi lex credendi". in: Brinkhoff, L. et al (reds.). *Liturgisch Woordenboek II*. Roermond: Romen & Zonen, 1486-1488.

Müller, J. 1988. *Die erediens as fees*. Kaapstad: NG Kerk Boekhandel.

NALN. 2007. “Karel Schoeman” Pamflet. Bloemfontein: NALN.

nel, gert vlok. 1993. *om te lewe is onnatuurlik*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Neyrey, J.H. 1991. “Preface”. in: Neyrey, J.H. 1991. (red.). *The Social World of Luke-Acts. Models for Interpretation*. Peabody: Hendrickson Publishers, ix-xviii.

Neyrey, J.H. 1991. (red.). *The Social World of Luke-Acts. Models for Interpretation*. Peabody: Hendrickson Publishers.

NG Kerk. 1976. *Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

NG Kerk. 1988. *Handboek vir die erediens*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Olivier, G. 2002. “Onderhoud met Karel Schoeman.” In: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 20-34.

Oskamp, P. 1998. “Participatie en rolverdeling”. in: Oskamp, P. en N. Schuman (reds.). *De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Meinema, 417-422.

Pechey, G. 2002. “Antithetical Anti-Heroes: Uses of the Past in Schoeman and Matthee.” in: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 133-139.

Post, P.G.J. 2006. “Na de lange jaren zestig. Liturgiewetenschap en Ritual Studies: opkomst, typering en actuele uitwerking van een relatie.” *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* 22, 89-112.

Pretorius, C. (red.). 1988. *Op Trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

Renders, L. 2002. “*n Ander land, of: Karel Schoeman in de voetsporen van Dante*”. In: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 168-189.

Robbins, V.K. 1996. *Exploring the Texture of Texts. A Guide to Sosio-Rhetorical Interpretation*. Harrisburg: Trinity Press International.

Schoeman, K. 1965. *Veldslag*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1966. *Berig uit die Vreemde. n Ierse dagboek*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1967. *n Lug vol helder wolke*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1968. *Van n verre Eiland. n Tweede Ierse dagboek*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1972. *Na die geliefde land*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1979. *Die Hemeltuyn*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad/ Johannesburg/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1986. *Die wêreld van die digter: 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad/ Johannesburg/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1993. *Hierdie lewe. Stemme 2*. Kaapstad/ Johannesburg/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1995. *Die uur van die engel. Stemme 3*. Kaapstad/ Johannesburg/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1996a. "Die park na die val van die blare," in: De Vries, A. (samesteller). *Eeu. Honderd jaar van Afrikaanse kortverhale*. Vyfde hersiene uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.

Schoeman, K. 1996b. *Verkenning*. Kaapstad/ Pretoria/ Johannesburg: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1996c. *The Face of a Country. A South African family Album 1860-1910*. Kaapstad/ Pretoria/ Johannesburg: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel. 1998. *Verliesfontein. Stemme 1*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 2002. *Die laaste Afrikaanse boek. Outobiografiese aantekeninge*. Kaapstad/ Pretoria/ Johannesburg: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 2005 [1966]. *By fakkellig*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 2006 [1984]. *'n Ander land*. Kaapstad/ Pretoria: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 2014. *Die vrou wat alleen bly. Twee Draaiboeke*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Small, J.D. 2003. "A Church of Word and Sacrament", in: Vischer, L (red.). *Christian Worship in Reformed Churches Past and Present*. Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing, 311-323.

Tisdale, L. 2008. "Exegeting the congregation." in: Long, T.G. & L.T. Tisdale (reds.). *Teaching Preaching as Christian Practise. A New Approach to Homiletical Pedagogy*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press, 75-89.

Turner, V.W. 1969. *The Ritual Process. Structure and Anti-Structure*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Van der Merwe, C. 2002. "Die uur van die engel: metamorfose oppad na katarsis." in: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 206-213.

Van der Merwe, C. N. 2014. “Karel Schoeman: *Die uur van die engel*”. in: Van der Merwe, C.N. *Die houtbeen van St Sergius. opstelle oor Afrikaans romans*. Stellenbosch: SUN Press, 99-104.

Van Gennep, A. 1960. *The Rites of Passage*. Chicago: University of Chicago Press.

Van Gennep, A. 1996. ‘Territorial passage and the classification of rites’ in RL Grimes (red.) *Readings in Ritual Studies*. Upper Saddle River, NJ: Preason, 529-536.

Van Tongeren, L. 2006. “Een gemeenschappelijke oriëntatie. Over de Ritual Studies en ontwikkelingen binne het liturgiehistorisch onderzoek.” *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* 22, 135-152.

Van Vuuren, H. 2002. “’n Oorsig oor die oeuvre (1965-1998).” in: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 51-64.

Van Vuuren, H. “Voorwoord.” in: Schoeman, K. 2006. *’n Ander land*. Klassiek. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau, 5-6.

Van Zyl, W. (red.). 2007. *Thomas Francois Burgers. Tonele uit ons dorp: Suid-Afrikaanse verhale. Ingelei en vertaal deur Wium van Zyl met ’n nawoord deur Olf Praamstra*. Kaapstad: Africana Uitgewers.

Viljoen, L. 2002. ““Die verlede is ’n ander land”: ruimtelike geskiedskrywing in *Die uur van die engel*.” in: Burger, W. & H. van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 214-228.

Wepener, C.J. 2004. “Die predikantsamp. Deel 3: Die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie - histories en ekumenies beskou”. *NGTT* 45/ 1 & 2, 152–165.

Wepener, C.J. 2009. *From fast to feast. A ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*. Liturgia Condenda 19. Leuven: Peeters Pers.

Wepener, Cas. 2013. *Dubbelfoto*. Kortverhale. Pretoria: Protea Boekhuis.

Wepener, C.J. 2014a. *Van voor die wieg tot na die graf. Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe*. Wellington: Bybelkor.

Wepener, C.J. 2014b. “Lank lewe die dooies. Oor postmortem fotografie, dodemaskers, geloofsgetuies, voorvaders en dominee portrette”. in: Vos, C.J.A. en C.J. Wepener. *Tussen God en mens. ’n Literêrer-estetiese benadering tot liturgie en prediking in ’n skuiwende kultuur*. Pretoria: Hond BK Uitgewers, 174-184.

Wepener, Cas. 2015. *Kookpunt! ’n Gelowige reaksie van ’n ontnugterde nasie*. Wellington: Bybelkor.